# *Jesus Christus Dieselfde Gister, Vandag, En Tot In Ewigheid*

. . . dankie, Broer.

2 Ek was so verheug toe ek daardie lied gehoor het, *Vanuit Sy Heerlikheid*. Wie daardie broer ook al was wat dit gesing het, ek het gehoor hy het dit aan my toegewy, ek waardeer dit beslis, dis my gunsteling lied. Dit is geskryf deur 'n persoonlike vriend van my, Broer William Booth-Clibborn.

3 Dit druk daarin die Godheid van ons Here Jesus Christus uit. Vandag wanneer hulle probeer om Hom net nog 'n man te maak, of—of 'n profeet, of iets, dink ek dit gee uitdrukking aan wat Hy was. Hy het neergedaal uit die Heerlikheid, God is gemanifesteer in die vlees in Christus Jesus, Sy Seun, Hy—Hy—Hy het in Sy vlees uitgedruk wat God was. En God kan deur ons uitdruk wat Hy is as ons Hom net sal toelaat. Deur die geregtigheid van Christus, dan word ons ongeregtigheid nie vir ons toegereken nie. Dit word toegereken, ons geloof word toegereken dat dit vir ons toegereken sal word as geloof en geregtigheid in Sy oë, wat, ons niks van ons eie het wat ons kan aanbied nie.

4 Ek vertrou net dat dit weer 'n wonderlike tyd sal wees, dat ek kan terugkom na—na hierdie stad. Vanmôre het ek in so 'n lieflike, klein gehoor hier gepraat, van so 'n gehoor wat reageer. Ek voel as ons 'n rukkie by julle kan bly sodat ons mekaar kan leer ken . . . My bediening is 'n bietjie vreemd, en daarom nie in staat om dit alles uit te druk by een klein diens nie, dan laat dit jou wonder oor *dit* of *dat*. Maar wanneer ons vir 'n hele rukkie kuier, kan julle aand na aand sien en kyk wat gesê word en kyk of dit gebeur, en dan begin jy besef wat die bediening is, en dan laat dit ons mekaar baie beter verstaan.

5 Ek waardeer beslis die uitnodiging wat die pastoor hier vir my gegee het om hier na die kerk toe te kom, vir al julle mense, en vir al die kerke dwarsdeur die stad. Ek hoop eendag, as dit die wil van God is, dat ek kan terugkom en 'n langer diens in die stad kan bly, waar ons al die—die mense bymekaar kan kry, die kerke, die predikers.

6 En, vanaand, is dit nogal rof vir die predikers, miskien moes baie van hulle siek mense toestemming kry om af te kom om voor gebid te word. En ek wens dat ek my gevoelens kon uitspreek teenoor die pastore wat hulle gemeentes laat kom het vanaand,

dat hulle kon kom om die diens te hoor en om voor gebid te word. Mag die Here altyd manne soos daardie seën, manne van—van groot—van groot integriteit, iemand wat 'n ware hart het vir siek en behoeftige mense. Ek is seker dat hulle sal floreer, in dinge soos daardie te doen.

7 Nou, ek dink daar's verskeie kerke hier. Ek het pas 'n brief gehad wat ek 'n paar oomblikke gelede oopgemaak het van die pastoor van die Eerste Gemeente van God hier in die stad, en hy het iemand gehad wat baie siek was, hier in die hospitaal. En—en as, ek weet nie, hy is in die kerk op hierdie tyd, veronderstel ek, en ek sal beslis in gebed wees vir daardie persoon, as enige van hulle mense hier is.

8 Christus is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, Hy kan nooit faal nie. En ek vertrou dat Hy elkeen van ons vanaand sal seën, en ons hier sal vertrek met die heerlikheid van God in ons hart.

9 Nou, ek wil dit graag sê, omdat ek net deurgaan, en bid vir die siekes, en sê 'n genesingsdiens, nou, ons, dis nie my hele bediening nie, ons glo die eerste ding is verlossing, want as jy genees word, jy nog enige tyd lewe, jy waarskynlik weer siek sal word, maar wanneer jy Christus ontvang, het jy Ewige Lewe. En hoeveel meer is Ewige Lewe as net die genesing van die liggaam?

10 Maar Goddelike genesing, Christus het dit gebruik, Goddelike genesing, om die aandag van die mense te trek. En omtrent ses-en-tagtig persent van Sy bediening was in Goddelike genesing. Daarom, is dit iets wat die bonatuurlike wys.

11 En nou, alles wat ooit gedoen kon word vir 'n persoon, vir jou, my, of enigiemand, was voltooi en volbring op Gólgota. Nou, wanneer ek . . . baie, ek het baie hoor sê dat hulle genesing in hulle hande gehad het, en dat—dit mag alles waar wees, ek weet nie, maar hoe ek dit glo, is dat ons genesing voltooi is met ons verlossing, "Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Dis 'n verlede tyd.

12 Nou, die enigste manier wat ons enigiets van God kan ontvang, is (Snap nou hierdie.), is nie om na iets te soek, te sê: "My hand is kreupel, daar is vir my gebid, my hand nie oombliklik regkom nie," dit beteken nie dat ek nie genees is nie. Nee, dit is nie so nie, het nie een ding daarmee te doen nie, sien, want ek het opgelet in een-en-dertig jaar in die bediening, vyftien jaar om en om die wêreld, dat jy partymaal vir 'n persoon bid, dit 'n week of twee sou wees voor dit ooit gebeur het.

13 En ek het net nou aan 'n geval gedink, ek het al dikwels daarna verwys, 'n dame het in die diens ingekom, en dit was in die gebedsry, en die Heilige Gees het haar begin vertel van wie sy was en wat verkeerd was. Sy het 'n geweldige maagseer in

haar maag gehad, en—en toe het Dit vir haar gesê dat, dis wat die Heilige Gees gesê het. Sy weet dit moes iets wees om dit te openbaar, sy het dit herken, en sy wou daarop reageer.

14 En toe af in die ry ’n bietjie verder was haar buurvrou, en haar buurvrou het ’n vergroeisel op haar nek gehad. En daar is vir haar gebid, en die Heilige Gees het gesê sy is genees.

15 Wel, toe sy huis toe gegaan het, het sy gesê: “Wel, miskien sal ek net voortgaan en nou eet, ek’s reg.” So sy het begin eet, en haar baie siek gemaak. En drie of vier weke het verbygegaan, en steeds, sou sy probeer geloof hê om aan te gaan.

16 En haar man het vir haar gesê, gesê: “Skat, ek gee nie om dat jy geloof soos daardie het nie,” maar gesê: “jy bring net ’n smaad oor die einste saak van Christus.” Hoe min het daardie man geweet! Sy kan dit nie doen solank sy Sy Woord bely nie, want Hy is die Hoëpriester van ons belydenis. Hy kan nie een ding vir ons doen voordat ons eers bely dat dit gedoen is nie.

17 Julle mense wat gered is, julle weet dit. Jy kan daar by die altaar kom en huil, en op die altaar lê en bely, en, al wat jy wil, en huil, en bid, en op die altaar slaan vir jaar na jaar, en jy sal nooit gered word totdat jy Sy kwytskelding aanvaar nie. Sien? Dis iets wat jy aanvaar, dis joune, dit behoort aan jou. Genesing is joune, jy moet dit aanvaar. En totdat jy dit aanvaar . . .

18 Die Boek van Hebreërs sê Hy’s ’n Hoëpriester van ons belydenis, of verklaring, beide dieselfde vertaal. Wanneer ons dit bely, is Hy die Hoëpriester om voorspraak te maak volgens wat ons bely, en ons bely Sy voltooide werk op Gólgota.

19 Hierdie vrou het dit gedoen. Een oggend het sy haar skottelgoed gewas, en meteens, gesê sy het gedink aan die diens, en haar man het haar die vorige aand vertel, gesê: “Skat, ek glo jy beter streng by jou dieet bly, ensovoorts, en ophou sê om genees te wees.” Gesê: “Hy mag jou een of ander tyd genees.”

20 Sy het gesê: “Manlief, as daardie man vir my kon sê wat die dinge van my lewe was, wat ek gedoen het, en hy reg was, en hy het vir my gesê, SO SPREEK DIE HERE, ek is genees, sal ek dit glo tot ek sterf.” Dis die manier. Gesê: “As hy vooruit gesien het wat ek was, gedoen het, kan hy my sekerlik sê wat ek sou doen.”

21 En haar man het werk toe gegaan, en sy het gewas, het sy gesê, die skottelgoed, en sy het ’n koel gevoel in haar gevoel. Sy het gewonder: “Wat is dit?”

22 Sy het baie honger geword, en nadat sy honger geword het, het sy gedink: “Ek moet net ’n stukkie roosterbrood eet.” Sy het ’n bietjie roosterbrood gekry en dit geëet, gewoonlik begin opgooi, dit was ’n duodenale ulkus, dit sou opgooi, maar dit—dit het nie opgegooi nie.

23 Toe het party van die kinders oorgelos in hulle borde, julle weet hoe ’n moeder sal wees, van hulle kinders, ’n bietjie

hawermout. En dit het haar net verbrand toe sy daardie hawermout geëet het, en dan, stysels, en so, toe sy 'n paar lepelsvol daarvan geëet het, haar nie gepla nie, so toe het sy die res van die gereg van die hawermout geëet, haar nie gepla nie, so sy het vir haar 'n bietjie spek en eiers gebraai, en 'n gastronomiese jubileum gehad, en sy het 'n groot koppie koffie gedrink, en sy het net 'n lekker tyd gehad.

24 En naderhand, sy het 'n paar uur gewag en alles was reg, en sy het net so goed gevoel, sy het daar rondgehardloop en geskree, sy het in die straat afgehardloop om haar buurvrou te vertel. En toe sy daaronder gekom het, was dit omtrent nege-dertig of tienuur, haar buurvrou het op die vloer gestaan en skree, en sy het gedink iemand het daarbinne gesterf. So sy het ingehardloop, en hulle het albei hulle arms om mekaar gegooi. En haar buurvrou het 'n laken in haar hand gehad.

Gesê: "Wat maak jy met die laken?"

Gesê: "Ek probeer daardie ding vind wat van my keel af verdwyn het net 'n rukkie gelede, voor ek opgestaan het." Sy het gesê: "Daardie plek het van my keel af verdwyn."

25 En hulle het gery, ek reken dit was omtrent driehonderd myl om die diens te haal, of meer, om—om die ondervinding te vertel. Dis een van duisende.

26 Wat was dit? Die einste Engel van die Here wat weet wat was, en voorspel wat sal wees, Hy kan nie altyd binne 'n sekonde tot jou redding kom nie, die geestelikes weet dit, Daniël het gebid, en een-en-twintig dae voor die Engel by hom kon kom, maar Hy het deur die buurt gegaan en die Woord bevestig, en hulle was gesond.

27 Nou, dis hoe dit is. Ons moet onthou dat genesing 'n voltooide werk op Gólgota is, en die enigste ding wat enigiemand kan doen . . .

28 Nou, 'n prediker wat in die Woord onderrig word, hy kan opstaan en die Woord vir jou preek. Nou, as hy die Woord preek: "Geloof kom deur die gehoor, die gehoor van die Woord van God." Dis—dis die oorspronklike.

29 Maar dan is God 'n goeie God, soos ons goeie vriend Broer Oral Roberts sê. Hy is 'n goeie God. En dan, tog as ons nie Sy Woord daarvoor vat nie, dan behalwe dit, as ons nie Sy Woord vat nie, het Hy 'n ander manier. Hy sal stuur, Hy het gawes in die kerk, daar's nege geestelike gawes geplaas in die plaaslike, elke plaaslike liggaam, wat in volle werking behoort te wees in elke liggaam, elke kerk. En daarin is gawes van tale en uitleg van tale.

30 En nou, dit is nie net herhaal van iets, of 'n ydele herhaling maak nie, dit sê iets om direk uitgelê te word vir 'n sekere persoon in daardie gemeente, of iets, om 'n weg te maak. Tale, deur uitleg, is profesie, en dis profetiese uiting wat gegee word aan

die mense om—om vir hulle te sê wat om te doen, of iets om hulle te korrigeer. O, as die groot kerk van die lewende God net in orde gestel kon word! Ek vind dit . . .

31 Dan behalwe dit, het Hy vyf predikersampte. Eerstens is apostels of sendelinge, die woord *apostel* beteken "een wat gestuur is," 'n *sendeling* beteken "een wat gestuur is." Sekondêr, profete, evangeliste, pastore, ensovoorts, daardie is God-gegewe gawes wat in die kerk geplaas is, hulle is voorbestem deur God en in die kerk geplaas. Jy kan nie jouself 'n prediker maak nie, jy . . . God moet jou roep om 'n prediker te wees. Profete is voorbestem, hulle is profete.

32 Nou, daar's 'n gawe van profesie in die kerk, wat op een kan wees, dan die volgende een, die volgende een, die volgende een, sovoorts, van profesie; Paulus het gesê julle mag almal een vir een profeteer.

33 Maar daar's 'n groot verskil tussen 'n profeet en 'n profesie. Profesie moet geoordeel word deur drie getuies, twee of drie, voor dit gegee of aanvaar kan word in die kerk, volgens die Skrifte, maar 'n profeet, soos die Ou Testament profeet, hulle het die Woord van die Here gehad, die vertaling was reg vir hulle. En hulle was bekend, omdat die Bybel gesê het: "As daar een onder julle geestelik is of 'n profeet, sal Ek die Here, Myself aan hom bekend maak, met hom praat in visioene, en Myself openbaar in drome. En as wat hierdie man sê, gebeur, luister dan na hom, want Ek is met hom. As dit nie is nie, moet dan nie na hom luister nie, Ek is nie met hom nie, moet hom nie vrees nie."

34 Nou, julle sien, daarom is Goddelike genesing iets wat Christus vir ons gedoen het. Nou, ons moet geloof hê.

35 Nou, ek vind twee klasse mense in my reise, een van hulle is fundamenteel, die ander een is Pinkster. Nou, die fundamenteles weet posisioneel wat hulle is, maar hulle gaan nie diep genoeg nie. Hulle weet posisioneel dat hulle seuns van God is, maar hulle gaan nie diep genoeg nie.

36 Soos ek gedink het aan ons kosbare Broer Billy Graham toe hy in ons stad was, ek het hom verskeie kere ontmoet en ons was by sy predikersontbyt, en hy het gesê: "Paulus het in 'n stad ingegaan en die Evangelie verkondig, en een man is bekeer, hy het 'n jaar later teruggegaan," gesê: "hy het dertig bekeerlinge van daardie een gehad." Gesê: "Ek sal in 'n stad ingaan en ses weke bly, en twintigduisend hê, ses maande daarna teruggaan en ek kan nie twintig kry nie." Hy het gesê: "Wat makeer? Dis julle lui predikers," hy het gesê: "wat met jou voete op die lessenaar sit, in plaas van om uit te gaan en hulle te besoek."

37 Nou, die evangelis het iets daar gehad, maar hy het nie alles daarvan gehad nie. Wie was die een wat daardie een vir Paulus gekry het? Paulus het hom diep genoeg in Christus ingeneem totdat hy gevul is met die Heilige Gees, toe was hy aan die brand

sodat hy die hele dorp aan die brand kon steek. Maar wanneer jy hulle net vra om op te staan, Christus as Verlosser te aanvaar, en weer te gaan sit, het hulle nie diep genoeg gegaan om te weet wat om te doen nie. Jy moet hulle verder neem na die doop van die Gees.

38 Daarom vind ek fundamentele mense, hulle weet posisioneel wat hulle is, maar hulle het geen geloof nie, dan vind ek die Pinkstermense wat baie geloof het, maar nie weet wie hulle is nie. Dis net soos 'n man, een man het geld in die bank, maar kan nie 'n tjek uitskryf nie, en die ander een kan 'n tjek uitskryf en het geen geld in die bank nie. As jy hulle ooit bymekaar kon kry, sou die Evangelie groot dinge vermag. Dis reg. Kry 'n paar fundamentele leringe in 'n Pinksterkerk, of Pinkstergeloof in fundamentele dienste.

39 Sien, jy moet eers posisioneel weet, Christus, waar jy staan. Jy is erfgenaam hiervan, dis jou persoonlike eiendom, dit behoort aan jou, dis God se gawe aan jou. Niemand kan dit van jou wegneem nie, dis joune. "Wat julle die Vader in My Naam vra, dit sal Ek doen." Wie kan enigiets daar ontken? "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, as julle vir hierdie berg sê: 'Beweeg,' nie in julle hart twyfel nie, maar glo dat wat julle gesê het, sal gebeur, kan julle kry wat julle ook al gesê het." Watter beloftes! Nie net beperk tot genesing nie, maar tot wat ook al.

40 Nou, jy moet jou doelwit vind, en jou motief, en dan die wil van God. As dit die wil van God is, en jou motief is reg, en jou doelwit is reg, dan sal die berg val. Maar buiten dit, kon jy skree totdat jy hees geword en gesterf het, en sou nooit beweeg nie. Sien? Jou. . .Eerste ding, moet dit die wil van God wees; die volgende ding, dis jou doel om te gaan en dit te doen; en dan die motief wat jy het. Jy een of ander groot persoon wil wees. . .

41 Daar's een ding wat—wat Jesus Christus kortgekom het toe Hy op aarde was, dit was vertoonkuns, Hy was nie 'n spoggerig nie. Jy kon nie sê Hy was opgeblase nie, Hy het eenkant gebly, nederig. Hy het Sy dienste gehou sodat Hy kon gaan waar die Vader Hom ook al gelei het om te gaan. En een van Sy broers het gesê: "As U hierdie dinge kan doen, waarom kom U nie na Kajafas toe nie? Kom onder die groot klassiekes en die rabbi's en doen dit, sodat almal U kan sien. Waarom hang U rond by 'n klomp holy-rollers of. . .?" Nou, ek het dit nie so bedoel nie, ek het vissermanne bedoel, ensovoorts. Ek, goed, ek het net gedink aan wat een van die broers van die kerk van waar ek so pas gekom het, gesê het.

42 Wel, dis reg, julle sien, maar Christus was nie 'n afwysery nie, Hy het gesê: "Julle tyd is altyd." Dit is reg.

43 "Hy het na Sy Eie toe gekom, en Sy Eie het Hom nie ontvang nie." Dis die mees patetiese ding waarvan ek weet in die Skrifte. "Hy het na Sy Eie toe gekom, en Sy Eie het Hom nie ontvang nie."

44 Nou, soos ons die Woord nader vanaand, wil ek hê julle moet dit in gedagte hou, dat ons . . . 'n persoon wat . . . Onthou, dat God nie opgeblase mense het nie. Wanneer jy by 'n punt kom waar jy gewillig is om niks te wees nie, dan kan God iets van jou maak. Maar solank jy probeer om groot te wees, en 'n klomp mooi advertensies, en al hierdie goed, en aangaan, my opinie, het iets gebeur. Sien?

45 Jesus het rondgegaan en goed gedoen, gegaan na die armes en behoeftiges, Hy het nooit vir Homself enige reputasie gemaak nie. Het julle ooit daaraan gedink? Hy het geen reputasie vir Homself gemaak nie. Die man wat 'n valstand gemaak het, het 'n reputasie vir homself gemaak, maar die Een wat die regte tand gemaak het, het geen reputasie vir Homself gemaak nie. Die man wat 'n kunsarm gemaak het, het 'n reputasie vir homself gemaak, maar die Man Wat die regte arm gemaak het, het geen reputasie vir Homself gemaak nie. Die pad boontoe is ondertoe, onthou dit altyd. Wees nederig, wees bedagsaam en goedhartig, wees skeppend, laat Christus in jou wees.

46 Het julle al ooit mense gesien by wie julle graag wou wees, net graag by hulle wil wees? Want hulle skep 'n atmosfeer, Hemels, en jy hou daarvan om by hulle te wees. Ander is skynbaar goeie mense, maar julle net, ek moet nou en dan wegkom, dat . . . Julle weet wat ek bedoel. En tog is hulle skynbaar goeie mense, dis nie skeppend nie.

47 En die mens is gemaak om 'n god te wees, ons weet dit. Génesis 1:26, hy het heerskappy oor die hele aarde gehad, en hy is gemaak om 'n amateurgod te wees. En nou, wanneer hy God ontvang, word hy weer 'n seun van God. Hy is gemaak na die beeld van God. God het hande gehad, God het voete gehad, en so daarom is 'n mens gemaak soos Hy, so hy is 'n amateurgod. Maar sonde het elke vesel in sy liggaam verblind, in sy verstand, in sy hart. Maar nou, moet dit nooit probeer bestudeer nie, jy kan dit nie uitredeneer nie.

48 In die tuin van Eden het Satan sy deel van die mens gekies, sy kop, sy intellektuele; God het sy hart geneem. Die intellektuele sal redeneer: "Hoekom? Wel, ek's—ek's *sus*, en ek's *so*." Daar sal jy nooit êrens kom met God nie. Maar jou hart, jou geloof sal jou dinge laat glo waarvan jou verstand niks weet nie, jy verwerp die redenasie. Sien, jy moet seker wees, en jy bly daar totdat jy seker is, dan wanneer jy seker is, is daar niks wat jou kan draai nie.

49 Nou, laat ons ons hoofde buig net 'n oomblik voor ons die—die Outeur van hierdie Woord nader, terwyl ons Dit lees. En ek wonder vanaand, met ons hoofde gebuig en ons oë toe, is daar enige hier wat graag onthou wil word in gebed? En laat dit bekend word deur jou opgeligte hand. Jy sou sê: "Here, ek het U nodig, ek het U nodig vir my gesondheid, ek het U nodig vir my

siel." God seën jou. God seën jou. Dis goed. "Vader, lei my, ek het nodig dat U Gees lei."

50 Ons Hemelse Vader, soos ons weer nader in die Naam van die Here Jesus, U het gesê dat as ons in oorvloed sou vra, dat ons vreugdes vol sou wees. Nou, kom ons vra vir genade, eers, vir ons eie sondes, die dinge wat ons gedink en gedoen het wat teenstrydig was met U leiding, bid ons dat U ons vergewe.

51 En soos ons hier staan in hierdie heilige heiligdom, waar die Heilige Gees teenwoordig is, en, o, hoe ek dikwels gewonder het hoe ek sou voel as ek net twee druppels van Sy letterlike Bloed in 'n glas kon hou. Hoe ek dit sou optrek teen my bors en ween, omdat ek weet dat dit daardie Bloed was wat my gered het! Maar, vanaand, het U my iets groter as dit gegee, die einste gekooptes van Sy Bloed om mee te praat. "Want Hy het die wêreld so liefgehad dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, dat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die Ewige Lewe kan hê." Nou, Hy het meer van Sy mense gedink as wat Hy het van Sy Eie Bloed, so Hy het Sy Bloed gegee om hierdie kerk te koop. En hier staan ek vanaand om die weë van die Lewe aan hierdie kerk te leer.

52 O, genadige Vader, daar's niemand waardig om dit te doen nie. Ons bid, Here, dat U ons vergewe. En as U gesoek het na iemand wat waardig was, waar sou U hulle vind? Ons het niks nie, ons is almal onrein, Vader. Maar wees ons genadig as gevolg van U belofte dat U gesê het U sou dit doen, U het gesê: "Ek is die Wynstok, julle is die lote," en as ons in U bly, dat ons kan vra wat ons wil, en dit sal vir ons gegee word. U het gesê: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook, selfs groter as hierdie, want Ek gaan na My Vader." Nou, dat U Woord vervul mag word vanaand, Here, ek bid dat U U Teenwoordigheid onder ons sal manifesteer op 'n buitengewone manier.

53 Ek bid vir hulle wat hulle hande opgesteek het, Vader, God, wees genadig. En ek bid ook weer 'n gebed vir die klein, blinde, dogtertjie wat vanaand in die saal staan, wil teruggaan na haar mense, om 'n sendeling te wees. O God, mag daardie kind haar sig ontvang.

54 Ek bid vir daardie kosbare broer daar in die hospitaal, wat behoort aan die Eerste Gemeente van God hier in die dorp, hy is op sterwe. O God, keer die hand van die dood terwyl hierdie kerk, hierdie liggaam, uitroep om genade. Hoor groot, gebedsverhorende God en Vader.

55 Ons sou vra vir elkeen van ons hier, vra vir ons pastoor broertjie, en vir hierdie ander predikers, evangeliste, en—en U diensknegte wat op die platvorm is, inspireer hulle, Here, en gee hulle bediening 'n groot opdrag van U Heilige Gees.

56 Mag hierdie huisie hier, waarin ons vanaand is, oop wees totdat Jesus kom. As Hy vertoef, mag sendelinge en predikers

van hier af gestuur word na die hele wêreld. Mag dit waarlik die huis langs die pad wees waar die vermoeides kan inkom en rus vind.

57 Red dié wat verlore is, genees die siekes, heilig die gelowiges, en gee ons geloof vanaand, Vader. O God, dis wat ons nodig het, geloof in U Woord. Ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

58 In Johannes 12:20:

> *En daar was sekere Grieke onder hulle wat opgekom het na* die fees om te aanbid*:*
>
> *Hy het gekom . . . na Filippus, wat van Betsáida in Galiléa was, en Hom gevra, en gesê, Meneer, ons wil Jesus graag sien.*

59 En my teks is gevind, Hebreërs 13:8:

> *Jesus Christus dieselfde gister, . . . vandag, en tot in ewigheid.*

Nou, net om julle nie te hou nie, maar om julle aandag te kry vir 'n paar oomblikke om geloof op te bou vir elkeen van julle om genees te word.

60 En soos ek in die kerk kyk vanaand, sien ek 'n man hier wat hoes, 'n liefling wat daar lê, een of ander moeder se kosbare baba met 'n groot waterkop, op sterwe, dierbare ou vrou wat in 'n rolstoel sit, ensovoorts. O, as daar een of ander manier was, iets wat ek kon doen! Sien?

61 En miskien sou hulle in die rolstoel, ensovoorts, 'n gewone lewe lei, en miskien sal 'n goeie, gesonde man of vrou wat daarbuite sit, 'n jong persoon, dood wees teen môre met 'n hartaanval. Sien? Hierdie mag hulle 'n lang tyd oorleef, ons weet nie. Sien die wit kieries van die mense, wat blind loop, o, as daar net iets was wat ek kan doen om julle te help! As ek nie gedink het ek kan julle help nie, sou ek nooit hiernatoe gekom het nie. As ek nie gedink het ek kan die mense help nie . . .

62 Dit is nie vir geld nie, dit neem ek nie op nie. En ek—ek's een-en-vyftig jaar oud, ek preek al vir een-en-dertig jaar en het nog nooit in my hele lewe 'n offerhande opgeneem nie. So, ek—ek nie . . . Ons hou geld daaruit. Ons hou ons dienste klein sodat ons nie groot programme en dinge hoef te hê om te doen nie, so ons kan na die kleinste kerk toe gaan, of waar die Here ook al lei, dis waarnatoe ons gaan.

63 Nou, ek veroordeel nie die broers wat daardie groot programme het, en televisie-uitsendings, ensovoorts nie, dis goed. Ek dank God dat daar manne in die wêreld is wat Hy kan vertrou met geld soos daardie, wat dit kan verduur. Maar vir my, ek—ek kon dit net nie doen nie, ek sou geld moes opneem, en ek—ek het dit nog nooit gedoen nie, en ek bid dat God my sal help dat ek nooit sal hoef te nie.

64 So ek is hier om julle te help. En as ek nie gedink het ek kan julle help nie, sou ek beslis nie hier gewees het nie, ek sou vanaand tuis wees by my vrou, en seuntjie, en twee dogtertjies. Ek sou daarbo langs die vuur gesit het, iewers vanaand in die ooste, saam met hulle geniet het. Maar ek's amper 'n vreemdeling vir hulle, ek sien hulle net nou en dan, van om die wêreld reis.

65 Maar, daar was 'n vraag hier in die Skrif gevra. En vanmôre het ek opgehou praat oor die woord van *Verwagtinge*, om te verwag. Nou, ek vertrou dat julle dit saam met julle huis toe geneem het, en deur die Skrifte gesoek het om uit te vind wat om te verwag. God se Woord sê vir ons wat ons kan verwag.

66 En as ons hierdie Woord ontvang sonder enige twyfel daarmee gemeng, sal ons ontvang waarvoor ons kom. Maar as jy weggaan en sê: "Wel nou, net soos verwag, het ek—ek nie . . . " Wel, sal jy niks sien nie. Maar as jy kom in die verwagting om die Here Jesus Homself te sien manifesteer onder die mense, sal jy tevrede weggaan. Jy sal beslis. Jy sal weet dat iets gebeur het.

67 Maar as jy sê: "Wel, ek . . . net soos ek verwag het, net nog een, o, 'n evangelis wat opstaan en praat," en—en dit, dan is dit net al wat jy sal kry. Jy kry gewoonlik waarna jy soek.

68 So maak jou hart oop vanaand, en maak die sambreel toe, en net, o, ontvang dit net, God in jou hart. En gaan weg, gaan terug na julle kerke waar julle ook al vandaan kom en vertel julle pastoor dat die Here Jesus waarlik die groot Geneser is, dat Hy die Een is Wat die gelowige red en vul met Sy Gees, en hom 'n nuwe skepsel in Christus maak. Die pastoor sê: "Hoe weet jy dit?"

Sê: "Ek het dit ondervind, ek weet."

69 'n Broer nie lank gelede nie, wat nie saamstem dat Christus die Geneser is nie, hy maak Hom een of ander historiese God, hy het gesê: "O, ek glo nie! Enigiets sou gebeur," gesê: "ek glo steeds nie in Goddelike genesing nie."

70 Ek het gesê: "Beslis nie, dit was nie vir jou nie. Dit was nie vir ongelowiges nie, dit was vir hulle wat glo, dis net bedoel vir gelowiges." Daardie, Hy—Hy het nie ons—ons genesing gekoop vir ongelowiges nie, Hy het gekoop vir hulle wat glo. Die belofte is nie vir ongelowiges nie, maar vir hulle wat glo.

71 So hierdie Grieke het na die fees toe gekom. Nou, die Grieke was geleerde mense, en hulle het na hierdie Pinksterfees toe gekom om—om te aanbid, en terwyl hulle in die tempel was, het hulle van die Here Jesus gehoor. En op *een of ander manier*, glo ek nie dat daar enigiemand is wat ooit daardie lieflike Naam kan hoor genoem word, wat ooit sal, wat Hom nie graag sou wou sien nie. Wanneer jy van Jesus hoor, is daar iets omtrent daardie Naam van die Here Jesus wat—wat inspireer, en jy kan nooit dieselfde voel nie. Dis 'n Naam bo alle name.

72 Hy het neergedaal uit die Hemel, en die wêreld het Hom die laagste naam gegee wat daar op die aarde was, Beëlsebub, 'n fortuinverteller, 'n duiwel. En Hy het gegaan na die laagste stad wat daar op die aarde is, Jérigo, en was so laag dat die kleinste mannetjie in die stad moes afkyk op Hom om Hom te sien, Saggeüs. Maar toe Hy die prys van verlossing betaal het, het God Hom 'n Naam bo elke naam gegee. Selfs die hele familie in die Hemel en aarde word Jesus genoem. En Hy het Sy Troon so hoog verhef, dat Hy moes afkyk om die Hemel te sien. Dis die verskil, die manier wat die wêreld Hom behandel het, en die manier wat die Vader Hom behandel het toe Hy opgekom het.

73 Nou, so hierdie Grieke was nuuskierig, en hulle het van Hom gehoor, gehoor van Sy groot werke. So deur, miskien, nuuskierigheid, of miskien vir opregte voordele, het hulle gekom en gesê: "Menere, ons wil Jesus graag sien."

74 En ek glo as ek die gedagtes van hierdie kerk kon verklaar vanaand, hierdie mense, is dit die begeerte van ons hart. Hoeveel hier wil Jesus graag sien? Sekerlik. Wel dan, gaan ek julle 'n vraag vra: Het hulle—het hulle Hom gesien? Ja, meneer. Filippus het hulle geneem om Hom te sien, hulle na een van die broers toe geneem, en hulle het hulle geneem om Jesus te sien.

75 So as hulle navraag gedoen het, en begeer het om Jesus te sien, is hulle die voorreg gegee om Hom te sien deur een van Sy diensknegte. Nou, en as Hebreërs 13:8 korrek geïnspireerde Skrif is, wat gesê het: "Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid," dan as dit ons begeerte is, waarom kan ons Hom dan nie sien nie?

76 Nou, julle moet onthou hierdie Woord is óf die Waarheid óf Dit is nie die waarheid nie. Daar's geen teenstrydigheid Daarin nie. En ek het aan enigiemand aangebied, ek kry 'n honderd dollar per week, en ek—ek bied enigiemand 'n jaar se salaris aan wat my 'n teenstrydigheid in die Woord kan wys waarmee Dit ditself nie uitstryk nie, dis nie daar nie.

77 "Dis verberg vir die oë van die wyses en verstandiges, en geopenbaar aan kindertjies wat wil leer." Jesus het die Vader gedank dat Hy dit gedoen het. Die Woord is nie deurmekaar nie, dis die mense wat deurmekaar is, dis nie die Woord nie. So die Heilige Gees het die Woord geskryf, dit kos die Heilige Gees om die Woord uit te lê, en dit sal alles net presies reg werk.

78 Nou, as Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, en God vergewe my om te sê *as*, omdat dit ontheiligend klink, Hy is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, goed dan, as julle begeer om Hom te sien, waarom kan julle Hom dan nie sien nie? Ons is Sy diensknegte, so hoekom kan julle Hom nie sien nie? Sou julle dit graag wou doen? Hom graag wil sien? Goed.

79 Ek glo dat Hy hierdie belofte gemaak het dat "Waar twee of drie ook al vergader is in My Naam, daar sal Ek in hulle midde

wees." Nou, is dit waar? Nou, as dit nie waar is nie, dan is die Bybel nie waar nie, en jou verlossing is nie waar nie, en ons is verlore en ellendig, van alle mense, is ons die ellendigste, want ons het 'n—'n vals ding wat ons dink aan 'n Christus wat kom, en 'n Hemel om na toe te gaan, en daar is nie so-iets nie.

80 Wel, as hierdie Woord verkeerd is, dan, daardie Woord is Hy, en dan is alles verkeerd, maar as Dit reg is, dan is elke Woord Daarvan reg. Dit is nie sommige vir een keer, sommige vir 'n ander nie, Dis die heeltyd dieselfde, waar Hy gelowiges kan vind.

81 Nou, as Jesus in hierdie gehoor sal inkom vanaand, sigbaar. . . Nou, Hy kon nie in 'n liggaamlike liggaam kom nie, want dit sit op die Troon van God, maar Hy kan hier inkom deur die Heilige Gees, en vir julle wys dat Hyself hier is, wat in Sy kerk werk. Glo julle dit? Hy moet wees die, alles in dieselfde beginsel wees, Hy moet dieselfde liefde hê, dieselfde medelye, selfde werke, selfde manifestasie, as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid.

82 Nou, onthou, Jesus, toe die werke gedoen is, het Jesus niemand genees nie, Hy het gesê: "Ek kan niemand genees nie." Hy het gesê: "Dis nie Ek wat die werke doen nie, dis My Vader, en Hy woon in My." Dit reg? "Hy woon in My. En 'n klein tydjie," toe Hy weggegaan het, het Hy gesê: "en die wêreld sal My nie meer sien nie, tog sal julle My sien, want Ek," *Ek* is 'n persoonlike voornaamwoord: "Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot die einde van die voleinding," totdat die wêreld aan die einde kom, *Ek*. "En die werke wat Ek doen, sal julle ook doen. As julle in My bly en My werke in julle, vra wat julle wil, en dit sal gegee word." O, daardie groot beloftes, hoe hulle my siel roer!

83 In die dag wanneer atoommissiele, Russe spoetniks in die lug het, en al hierdie, wel, daar's nêrens rus nie, net in Christus. Daar's nie een ding, ons volk, ons kan nie ons hoop daarop bou nie, want enige klein nasie kan 'n bom hier oorkant gooi en ons van die aarde af blaas. Oorlogvoering is omtrent verby, jy het net een man nodig om 'n hefboom te trek, dit sal alles uitmekaar val.

En ons sien jy kan nie jou hoop op niks anders as een Ding bou nie, en ek haal Eddie Perronet hier aan toe hy gesê het:

> Begroet die krag van Jesus' Naam!
> Laat engele laag neerval;
> Bring uit die koninklike kroon,
> En kroon Hom Here van alles.
>
> Want op Christus, die vaste Rots, staan ek;
> Alle ander grond is net dryfsand,
> Alle ander grond is net dryfsand.

84 Ons enigste hoop. . . Hulle probeer 'n gat onder in die grond bou, daarin kruip. Hulle het 'n bom wat 'n—'n gat in die grond sal blaas vyfhonderd voet diep, en vir amper 'n honderd vierkante

myl. Wel, as jy tienduisend voet onder die aarde was, sou dit elke been in jou liggaam breek, die skudding daarvan.

85 Maar daar is 'n skuiling, o, dis nie van staal gemaak nie, maar dis gemaak van vere, onder Sy vlerke. O, ek hou van daardie skuiling, lieflik, rustig bly, in hierdie wete, dat sodra . . . voor daardie bom selfs begin fluit, sal Hy ons op Sy vlerke opdra. O, dis waarna ek soek, daardie groot Wegraping, en naderkoms van ons Here Jesus. En om dit so naby te sien kom, ons harte spring net van vreugde, om te weet dat, dis 'n vreugde.

86 Iemand het gesê: "Broer Branham," gesê: "jy maak die mense bang deur vir hulle te sê die Here Jesus kom, die einde van die wêreld."

Ek het gesê: "O, goeiste, nie Christene nie, o, beslis nie."

87 Paulus het gesê: "Ek het 'n goeie stryd gestry, ek het die wedloop voleindig, ek het die geloof behou, en verder is daar vir my weggelê 'n kroon van geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my op daardie dag sal gee, en nie aan my alleen nie, maar ook almal wat Sy verskyning liefhet."

88 O, watter—watter groter ding kan gebeur as Jesus wat net nou gekom het? Sekerlik. Ons beproewinge sal verby wees. Ons hou net aan tot Hy hier kom, werk, die tyd spaar, en elke minuut vir Hom laat tel. Waar ons ook al is, 'n woordjie sê vir Hom.

89 Nou, as Hy so werklik vir ons was, en ons het Sy genade gesien en gesien wat Hy was, nou, en ons verwag vanaand om Hom te sien, waarom kan ons Hom dan nie sien nie? Ek sal julle sê, Hy's oral as julle net rondkyk, die probleem daarvan is dat mense nie genoeg rondkyk om Hom te vind nie.

90 Ons woon op die Ohiorivier, en, o, dis 'n wonderlike plek vir visvang. Daar was 'n klein seuntjie in ons stad wat altyd onder by die rivier gespeel het saam met 'n ou visserman. En hy het eendag sy moeder gevra, hulle het aan 'n groot kerk in die stad behoort, hy het gesê: "Mamma, God is so 'n groot Persoon, kan enigiemand Hom sien?"

Sy het gesê: "Ek kan jou dit nie antwoord nie, Seun." Gesê: "Vra jy jou Sondagskoolonderwyseres."

En hy het die Sondagskoolonderwyseres gevra, en sy het gesê: "Ek weet nie. Vra jy die pastoor."

So hy het die pastoor gevra, en die pastoor het gesê: "Nee, seun, geen mens kan God sien en lewe nie." Gesê: "Jy kan Hom net nie sien nie."

91 Dit het nie die seuntjie tevrede gestel nie. En hy het afgegaan op die rivier, en hierdie ou visserman, dit was 'n diaken in my kerk, so hy—hy was eendag op die rivier bo by die Ses Myl Eiland, besig om vis te vang. En op die pad ondertoe, op pad terug met die rivier, het daar 'n storm opgekom, en hulle moes hulle klein

vaartuigie vir ’n paar oomblikke uittrek op die oewer, die storm het oorgewaai.

92 En in Indiana en daar in die oostelike streke, waar die hardehout, daardie reën val en al die blare afwas, en daardie windjie waai, net wanneer net ’n roeier kan sê, die punt van die roeispane wanneer dit daardie branders tref, die musiek wat dit op die water maak. O, geen wonder die Gees van God het eers op die waters beweeg nie. Om te sien hoedat dit . . .

93 Op pad ondertoe, hierdie ou visserman, groot ou, Geesvervulde broer, wat sy roeispane trek soos *hierdie*, en luister na sy roeispane wat die water tref. En hy het omgekyk, op pad, hy was op pad in ’n westelike rigting en het na die ooste toe gekyk, en daar het ’n reënboog uitgekom. Die ou man, sy metgesel was al weg, jare, en hy het daardie reënboog dopgehou, en oor sy silwer baard het daar klein traandruppeltjies van sy baard afgeloop.

94 Die seuntjie het in die agterkant van die boot gesit, so opgewonde geraak dat hy opgehardloop het na die middel van die boot, en hy het gesê, neergeval voor sy bene, en gesê: “Meneer, ek gaan vir jou ’n vraag vra wat my ma, Sondagskoolonderwyseres, of geen pastoor my kon antwoord nie.” Hy het gesê: “Kan enigiemand God sien?”

95 En die ou visserman was oorstelp, hy het die roeispane in die boot ingetrek, die seuntjie in sy arms geneem, en hy het sy haartjies gestreel, en gesê: “God seën jou hartjie, seuntjie, al wat ek die afgelope vyftig jaar gesien het, was God.” Soveel aan die binnekant, hy kon Hom buite sien, die reënboog sien, waar dit ook al is. Dis wat dit is.

96 As jy na Hom kyk uit ’n intellektuele oogpunt, sal jy Hom nooit ken nie, jy moet deur Hom kyk, Hom in jou laat inkom en Homself wys, Syne, wat Hy is. Ons kan God sien as ons net sal rondkyk. En ek is bevrees party van ons mag te laat kyk.

97 Daar was ’n dame in ’n tien-sent winkel in Louisville, oorkant die rivier van ons, ’n paar maande gelede, sy het ’n seuntjie gehad, hy was ’n klein seuntjie, omtrent drie jaar oud. En die mense het opgelet sy sou rondgaan, goed optel, en hom probeer wys, van die tien-sent-winkel se toonbanke af. En hy het net gestaar, die seuntjie.

98 So sy het na ’n ander toonbank toe gekom, sy het histeries begin raak, en sy het iets anders opgetel, wat ’n klein seuntjie van daardie ouderdom behoort op te let, en die klokkie op die klein trinket gelui, gesê: “Kyk, Skat! Kyk, Skat!” En die seuntjie het net gesit en staar. Sy was uitgeput, en sy het net oor die toonbank neergeval, geskree: “O, nee, nee, dit is nie so nie!”

99 En die omstanders het na die dame gehaas om te kyk wat gebeur het. Sy het gesê: “My seuntjie, ’n paar maande gelede, het net reg in die ruimte begin instaar, niks wat sy aandag behoort te trek, trek sy aandag nie.” En gesê: “Ek het hom na die dokter

toe geneem, en die dokter het gesê hy was beter, maar," gesê: "hy is nie." Gesê: "Hy sit net en staar, hy sal nie kyk na dinge waarna hy behoort te kyk vir 'n klein seuntjie van sy ouderdom nie."

100 En hoe waar is dit van die kerk vandag! Ons het groot manne deur hierdie land gehad soos Oral Roberts, en groot gawes het in die kerk ingekom, en hulle, die kerk sit net en staar. Die doop van die Heilige Gees het die volk getref, en baie kerke is gevul met die Gees, en groot herlewings het plaasgevind, en die wêreld sit net en staar in die ruimte in. Wanneer God enigiets doen, verwag Hy van mense om daarna te kyk en Hom te glo. Wonderwerke, en tekens, en wonders wat God doen, is 'n klein ietsie wat hulle voor die kerk skud om die kerk wakker te maak dat Hy binnekort kom.

101 Ek en my seun, onlangs het ons Indië besoek, en ek het 'n stuk gelees in die koerant wat ons op die vliegtuig gekry het, en gesê: "Ek reken die aardbewing is verby." 'n Paar dae voor die aardbewing gekom het . . .

102 In Indië tel hulle net die klippe op en maak heinings, en mure, ensovoorts. Hulle het nie die draadheinings en die goed wat ons hier het nie, hulle is baie arm mense. Vierhonderd-en-sewentig miljoen daar, en omtrent, het dit vir my gelyk, vierhonderdmiljoen van daardie bedelaars, en baie patetiese gesig.

103 Party van die predikerbroers, as julle ooit daardie gesigte sien, kan julle—jy nooit meer tevrede voel hier nie. Daar's iets, daardie duisende wat skree en huil om die storie van Jesus te hoor, en hier moet jy amper mense oorreed om kerk toe te kom. Maar daar is hulle—hulle honger vir God.

104 En die koerant het verder gelui dat al die voëltjies wat hulle neste maak bo in die skeure van die rotse, en dinge, weggevlieg het na die lande, in die bome gesit het. En al die skape en beeste wat teen die groot mure gestaan het, het uitgegaan in die veld, en teen mekaar geleun vir omtrent 'n dag. En meteens het daar 'n aardbewing gekom en die mure platgeskud. En toe vir 'n dag het die voëltjies weggebly, en die beeste het in die veld gebly. Uiteindelik, het hulle weer begin terugkom na die skaduwee, na watter deel van die mure nog oor was.

105 Wat was dit? Dieselfde God wat hulle in die ark kon inroep, kon hulle wegroep van daardie mure af. Hulle sou hulle lewens verloor het as hulle daarrond gebly het.

106 En sekerlik as die Heilige Gees steeds inspirasie kan hê, en deur instink 'n dier weg te lei van gevaar, en 'n voël, hoeveel te meer behoort Hy vir Sy kinders te doen, gebore uit die Gees van God, om weg te kom van die dinge wat nie goddelik is nie? Bly weg daarvan, kom uit, leun op mekaar. O, ek hou van daardie ou storie, die lied: "Ons leun op die ewige arm." Ek hou daarvan. Vertrou Hom net, eenvoud van die vertroue, leun net julle skouers

teen Syne, en aanbid Hom met al die aanbidding wat julle kan uitstort, en wandel daagliks saam met Hom. Nou, julle sal Hom sien.

107 Nou, die enigste manier wat ek. . .Miskien, vanaand het ons Metodiste, Baptiste, en—en dit so naby Mexiko het ons waarskynlik baie Mexikaanse Katolieke, ensovoorts, almal tesame. Nou, dis hoe dit veronderstel is om te wees. God het al Sy kinders lief. Hulle is gemeng in alle organisasies, lief vir God, op Christus vertrou vir hulle verlossing.

Dan as ek vir die Katoliek sou sê: "Wil jy Jesus sien?"

Wel, hy sou sê: "Ons kerk verteenwoordig Hom."

Ek vir die Baptiste sou sê: "Wil julle Jesus sien?"

"Uh, ons kerk is die een wat Hom wys."

Die Metodiste, en die Pinkster, en verskillendes sou almal 'n verskillende idee daarvan hê.

108 En ek dink, vanaand, om dit af te bring na 'n—na 'n eenvoudige ding, dat die beste manier om uit te vind wat Hy is, is om terug te gaan en uit te vind wat Hy was, wat Hy gister was, en as Hy dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid is, wat Hy was, moet Hy dieselfde ding vandag wees. Sou dit voldoende wees vir alle kerke? Dan kan jy—kan jy dit op jouself toepas, of jou kerk dit op hierdie manier leer of nie. Vind uit wat Hy was, en as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, wat Hy was, moet Hy dieselfde wees vandag.

109 Nou, laat ons teruggaan. Ek lees uit Johannes, die 1ste hoofstuk van Johannes, en ons sal teruggaan en kyk wat Hy was. Nou, jy kan dit neem en dit benader vanaf enige plek in die Skrifte. Ons kan 'n twee-weke diens hou, en, net oor wat Hy was, o, twee weke, twee eeue, en nooit uitkom by wat Hy was nie. Maar net om 'n—'n paar hoogtepunte te kry van wat Hy was, dan as Hy dieselfde sal wees vandag, net hier, as wat Hy toe was, wat Hom dieselfde maak. Dit behoort die vraag te beantwoord. Glo julle dit? Dis goed.

110 Nou, ons vind uit Hy is gebore uit die maagdelike geboorte; ons het dit vanmôre gehad. En dan vind ons uit, onmiddellik nadat die Heilige Gees op Hom gekom het, is Hy in die woestyn ingelei, en is deur die duiwel versoek vir veertig dae, en het uitgekom om die Evangelie te verkondig. Nou, ons vind die eerste van Sy bediening het Hy begin bid vir die siekes, die siek mense wat genees is.

111 En ons let op dat Sy gemeente gekom het uit die—die arm mense, die—die uitgeworpenes, diegene wat waarskynlik weggewerp is, nie veel geleerdheid gehad het nie, soos die man vir wie hy die sleutels van die Koninkryk gegee het, Petrus, nie eens sy eie naam kon teken nie. Die Bybel het gesê hy was onkundig en ongeletterd, maar oor sy geloof het dit Jesus behaag om vir hom

die sleutels tot die Koninkryk te gee, omdat hy die openbaring van Hom gehad het.

“Wie sê die mense wie is Ek, die Seun van die mens?”

“Een het gesê: ‘U is die Elía,’ en een het gesê: ‘U is die profeet,’ en ‘U is *So-en-so*.’”

Hy het gesê: “Maar wie sê julle?”

Hy het gesê: “U is die Christus, die Seun van die lewende God.”

112 Nou, die Katoliek sê dat Hy Sy Kerk op Petrus gebou het. As Hy het, het hy dadelik teruggeval. Dan, as . . . Die Protestante het gesê Hy het dit op Homself gebou. Ek verskil daarvan, Dit was nie op Homself nie, ook nie op Petrus nie, maar op die openbaring.

113 “Ek sê vir jou, jy is Simon, jy is Petrus. Vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar My Vader wat in die Hemel is, het dit openbaar. En op hierdie rots sal Ek My Kerk bou, en die poorte van die hel kan dit nie oorweldig nie.” Sien, dis—dis die openbaring van Christus. As Hy Homself kan openbaar, vanaand, aan jou dat Hy teenwoordig is, dan is jy in daardie Kerk deur die openbaring.

114 Let op, ons neem Sy vroeë bediening, die eerste een waarmee ons hier wil begin, was Andréas, ’n visserman. Hy het Hom gevind, en miskien het hy teruggegaan en vir sy broer, Simon, gesê: “Kom kyk Wie ons gevind het. Ons het die Messias gevind.”

115 Nou, hulle het gesoek na ’n Messias. Hulle het gedink Johannes was die Messias, baie mense het geglo hy was. Maar let nou op, ons gaan uitvind wat Hy was.

116 En toe . . . Ek kan my voorstel Petrus sê: “Nou, net ’n oomblik!” Natuurlik, sy naam was toe Simon. Hy het gesê: “Nou, Andréas, jy het waarskynlik afgegaan aan die diep kant iewers, op een of ander soort van ’n vervoering. Ek sal weet wanneer die Messias kom. My ou vader het vir my gesê, hy het gesê: ‘Seun,’ eendag toe ons onder by die meer gesit het na ons vis gevang het, ek kan sy grys hare sien soos hy gesê het: ‘Simon, my seun, jou pa het altyd verlang om die dag te sien wanneer die Messias sou opstaan, maar ek word nou oud en ek sal dit, miskien, nie sien nie.

117 “‘Maar, Simon, moet dit nie vergeet, dat wanneer Hy kom, daar baie dinge sal plaasvind. Jy moet wees, onthou Simon, jy moet Skriftuurlik wees, die Bybel sê, ons geskrifte sê vir ons: Moses, die profeet, het gesê, wanneer die Messias kom sal Hy ’n Profeet wees, want dit is geskryf in die Boek van die Wet, “Die Here julle God sal ’n Profeet oprig soos wat ek is.”’” Is dit Skrif?

118 “‘En onthou, Hy sal nie ’n, net ’n deftige persoon wees nie, maar Hy sal ’n—’n eenvoudige Man wees, ’n Profeet, ’n groot

Profeet, 'n God-Profeet, wanneer Hy kom. En jy is goed onderrig daarin.'"

So toe Andréas gekom en vir hom gesê het: "Kom, sien Jesus van Násaret, Hy is daardie Profeet":

119 Ek kan my voorstel Simon wat sê: "Nou, net 'n oomblik, ek weet nie wat met jou gebeur het nie, maar, sekerlik, het jy nie die leer van die Skrif vergeet nie, maar net vir ou tye se ontwil sal ek saam met jou gaan."

120 Toe hy in die Teenwoordigheid van die Here Jesus ingestap het, het Jesus hom in die gesig gekyk en gesê: "Jou naam is Simon, en jy is die seun van Jona," Petrus het dit sommer gou herken dat dit Hy moes wees, nie net het Hy geweet wie hy was nie, maar Hy het geweet wie sy vader was.

121 Daar het een daar gestaan met die naam van Filippus, die een waarvan ons gelees het vanaand, dit het sy hart so opgewonde gemaak, hy moes sy vriend daarvan gaan vertel. Daar's iets daaraan om Jesus Christus te ken, wanneer jy ooit regtig die ware Christus vind, jy kan nie stilsit nie, jy moet dit iewers vertel.

122 So ons sien Filippus vertrek om die heuwel. As julle ooit in Palestina was, gesien het waar Jesus gepreek het, rondom tot waar sy vriend Natánael gewoon het, is dit omtrent vyftien myl. Sonder twyfel het hy om daardie berg gehardloop. Kom ons dramatiseer dit net vir 'n oomblik. Ek kan hom aan die deur sien klop. Daar is klein siek kindertjies hier, ek wil hê hulle moet dit begryp, hulle eenvoudige, klein geloof. Aan die deur geklop, en miskien het Mev. Natánael na die deur toe gekom, hy het gesê, nie tyd gehad om veel van 'n groet te gee nie, hy het gesê: "Waar is Natánael?"

Gesê: "O, hy's agter in die boord, daaragter, aan die bid, agter in die boord."

123 En hy het agter na die boord toe gegaan. En weet julle waar hy hom gevind het? Onder 'n boom, aan die bid. Ek glo, Filippus wat 'n Christenman was, hy het hom nie onderbreek toe hy gebid het nie.

124 Nadat hy klaar was met sy gebed en "Amen" gesê het, opgestaan en sy klere afgestof het, en net toe het hy omgekyk en sy vriend Filippus gesien, hy het gesê: "Filippus, ek is bly om jou weer te ontmoet. Het jy my kom besoek, my broer?"

125 Wel, daar's iets daaromtrent, wanneer 'n man 'n houvas op God kry, en God 'n houvas op 'n man kry, hy het reguit tot die punt gekom, gesê: "Kom, kyk Wie ons gevind het, kom en sien Jesus van Násaret, die seun van Josef."

126 En nou, julle weet, Natánael was 'n stoere ortodokse gelowige, het gesê: "Nou, wag 'n oomblik, Filippus! Ek het jou geken as 'n goeie, standvastige man, maar daar, kan daar enigiets goed uit Násaret kom?"

127 Nou, ek dink hy het hom die beste antwoord gegee wat enige man kon gee: "Moenie by die huis sit en dit kritiseer nie, kom, kyk. Kom kyk dit self deur, ondersoek dit met die Skrifte en kyk of dit reg is." Dis 'n goeie idee. "Kom, kyk self. Moenie kritiseer nie, kom vind uit."

128 O, ek stel my voor dat Natánael miskien gesê het: "Nou, wag, deur watter organisasie het Hy gekom?" Dit sou die 1961-weergawe daarvan wees. Maar hy het nie gesê: "Nou, wag 'n oomblik, ons weet as die Messias kom, sal Hy kom na Kajafas—Kájafas, die hoëpriester, hy's die grootste godsdienstige in die land." Of: "Ons weet Hy sou na die biskop toe kom, of die algemene opsiener, iemand soos daardie."

129 Maar God gaan waar Hy wil, en dis nie ons besigheid wat Hy doen nie. Hy doen dit om Homself te pas. Sekerlik. Hy het nooit na enigiemand toe gekom nie, maar Hy het na die armes gekom, en vissermanne, en in 'n krip, en—en die herders, ensovoorts.

130 Let op, en soos hulle op hulle pad gegaan het, kan ek my voorstel hulle praat, het 'n klein . . . gesê: "Onthou julle . . . ? Nou, Natánael, jy is 'n goedgeleerde student. Sê my, Natánael, wat moet hierdie Messias wees, wat vir ons belowe is? Hoe sal ons Hom ken, volgens die wette?"

Gesê: "Wel, Hy sal 'n Profeet wees, want Moses het gesê: 'Die Here julle God sal 'n Profeet oprig soos wat ek is.' Hy sal 'n God-Profeet wees."

131 Julle weet die Jode glo altyd hulle profete, want die Bybel het gesê: "As daar een onder julle is wat geestelik is of 'n profeet, sal Ek, die Here, Myself aan hom bekend maak. En as wat hy sê, gebeur, luister dan na hom, want Ek is met hom."

132 Dis hoe om hierdie diens vanaand te beoordeel. As die Woord so sê, en die Heilige Gees is waar, sal Dit dit manifesteer, as dit dit nie doen nie, dan is dit nie die Heilige Gees nie. Dis . . . Beoordeel dit volgens jou eie self en volgens die Woord.

133 Toe het hy gesê: "Jy onthou daardie ou visserman by wie jy die vis gekoop het daardie tyd onder op die rivier en hy kon nie sy naam teken vir jou kwitansie nie?"

"Ja."

"Jy weet sy naam was Simon?"

"Ja."

134 "Sy broer het hom na die diens toe gebring gister voor ek vertrek het, en sodra hy in die Teenwoordigheid van Jesus ingestap het, het Hy na hom gekyk en gesê: 'Jou naam is Simon.' En onthou jy sy pa?"

"Sekerlik."

"En Hy het gesê: 'Jou vader se naam is Jona.'"

135 Dit was Jesus gister, dis hoe Jesus Homself bekend gemaak het as die Messias. As dit is hoe Hy dit gister gedoen het, sal Hy dit vandag moet doen as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, Hy sal die God-Profeet wees.

Kyk wat hy gedoen het, hy het gesê: "Dit sou my verbaas as Hy nie vir jou sê wie jy is as jy in die diens inkom nie."

"Ag, ek sal dit moet sien."

136 Uiteindelik het hulle gearriveer, miskien het hy in die gebedsry ingestap waar Jesus vir die siekes gebid het, miskien het hy buite in die gehoor gesit, ek weet nie, maar egter, toe Jesus Sy oë op hom gevestig het, het Hy gesê: "Aanskou 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!"

Hoe het Hy hom geken?

"O," sê julle: "hoe hy aangetrek het."

137 O, nee, almal van hulle het dieselfde aangetrek, die oosterlinge, hulle het tulbande gedra, hy kon 'n Griek gewees het, hy kon Arabier gewees het, hulle het tulbande en loshangende klere gedra. [Leë kol op band—Red.]

138 Dit het hom *so* verstom, dat hy gestop, en gesê het: "Rabbi," (*Rabbi* beteken "leraar.") "Rabbi, wanneer het U my ooit geken? Wel, U het my nog nooit in U lewe gesien nie! Hoe weet U dat ek 'n, 'n Israeliet is, en 'n eerlike en regverdige man?"

139 Ek kan daardie oë weer sien terugkyk na hom, en sê: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien." O, o, o, o! Dag tevore, en vyftien myl om die berge. Watter oë!

140 Wat het hierdie kêrel gesê? Hy het gesê: "Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel." Sekerlik, hy is geleer, hy het geweet wat om te glo, hy het geweet dit was die Profeet waarvan Moses gepraat het. "U is die Seun van God; U is die koning van Israel."

En Jesus het gesê: "Omdat Ek dit vir jou gesê het, glo jy nou?"

Hy het gesê: "Ja."

Hy het gesê: "Dan sal jy groter as hierdie sien, want jy sal Engele sien neerdaal en opvaar."

141 Maar daar het sommige daar gestaan wat dit nie geglo het nie, die groot geleerdes van die dag. Hulle moes hulle gemeente antwoord, want die gemeente sou hulle die vraag vra. So julle weet wat hulle gesê het? Hulle kon dit nie uitmaak hoe Hy daardie dinge geweet het nie, hulle gedagtes waargeneem, ensovoorts, en was 'n Profeet Wat vir hulle kon sê wat was, en wat sou kom, dit so volmaak sien, want die Skrif het gesê dit sou die Messias wees.

142 En as dit die teken van Messias gister was, is dieselfde teken die teken van Messias vandag. Nie omdat 'n man in die straat

afgeloop het met littekens in sy hand, bloed en olie wat uit hom loop, of wat dit ook al mag wees, met ’n kleed aan nie, dit kan ’n huigelaar wees. Maar broer, die lewe binne-in die wynstok sê wat dit is.

143 Jesus het gesê: “Ek’s die Wynstok, julle is die lote.” As die eerste loot wat uit daardie Wynstok gekom het, ’n Pinksterkerk voortgebring het, en hulle het ’n Boek van Handelinge daarna geskryf, as daardie selfde Wynstok nog ’n loot voortbring, sal hulle dieselfde ding dit doen. ’n Wingerdstok bring druiwe voort.

144 Maar julle weet, as—as mense van die weste hier, ek het ’n sitrusboom hier in Arizona gesien, ek glo dit het omtrent agt of nege verskillende soorte sitrusvrugte daaraan gehad, maar dis geënt. En vandag het ons te veel ingeënt in die Kerk. Hulle . . . Dit kan nie die vrugte dra nie. Sit jy ’n lemoenboom en sit ’n suurlemoentak daarin, sal dit suurlemoene dra, dit lewe van die lewe van die boom, maar dit dra sy eie vrugte, suurlemoen.

145 En so is dit vandag, ons het kerke wat hulleself Christenkerke noem, maar hulle dra die tekens van teologie en van organisasie. Maar as daardie Pinksterwynstok wat ’n Pinksterkerk gemaak het, ooit nog ’n Pinksterloot voortbring, sal dit wees soos dit aan die begin was. Dis presies reg. As Jesus Christus in die Kerk verskyn, sal Hy dieselfde wees as wat Hy destyds daar was. Dit sal nie suurlemoene of pomelo’s dra nie, dit sal lemoene dra as dit ’n lemoenboom is en dit sy loot voortbring. Dit sal nie organisasies wees nie, dit sal nie denominasies wees nie, dit sal Christus wees, korrek.

146 Nou let op, hulle het gestaan met hulle hande agter hulle, hulle het geweet hulle moes antwoord, want Hy het nie goed van hulle gepraat nie, wel, hulle het gesê: “Hy doen dit deur die krag van Beëlsebub.”

147 Beëlsebub is die duiwel, en enigiemand weet dat fortuinvertel van die duiwel is, al daardie dinge is van die duiwel. En alles wat die duiwel het, is iets wat verdraai was van die regte. Die duiwel kan nie skep nie, hy’s nie ’n skepper nie; daar’s net een Skepper, dis God.

148 Hy kan verdraai wat geskape is. ’n Goeie vrou kan in die wêreld wees, sedelik en regverdig, die duiwel kan haar verdraai en haar ’n slegte een maak. Wat is ’n leuen? Is die waarheid wanvoorgestel. Wat is boosheid? Is geregtigheid wat verdraai is. Dis wat . . . Wat is ongeloof? Is geloof wat verdraai is. Die duiwel verdraai, maar kan nie skep nie, hy’s geen skepper nie; daar’s een Skepper, dis God. Hy kon enigiets skep wat hy wou as hy ’n skepper was; maar daar’s net een Skepper, en dit is God.

149 Nou, ons vind daardie kêrels daar wat sê dat hierdie Man dit gedoen het deur die krag van ’n duiwel. Luister, luister nou goed, moet dit nie mis nie. Jesus het na hulle toe gedraai, en gesê: “Ek vergewe julle daarvoor,” Hom ’n duiwel genoem, die—die

Gees van God wat daardie werke gedoen het, ’n duiwel genoem, gesê: “Ek vergewe julle. Maar eendag kom die Heilige Gees om dieselfde ding te doen, en een woord Daarteen sal nooit vergewe word in hierdie wêreld, of ook nie in die wêreld wat sal kom nie.” So julle sien waar ons staan? Goed.

150 Ons let op dit was Jesus gister. O, hoe ons kon gaan hoe dit was daaronder in die stad van Jérigo! Ek stel my voor dat klein Saggéüs in ’n boom opgeklim, en gesê het: “Nou, ek gaan Hom sien verbygaan. Maar natuurlik, het ek my vrou hoor sê dat—dat Hy die gedagtes van die hart kon onderskei, en dinge, maar ek wil nie hê Hy moet enigiets daarvan met my doen nie, so ek sal net hierbo in die boom sit en ek sal dophou.”

151 Maar toe Jesus om Halleluja Laan gekom en af in Glorieweg, toe Hy daar om die hoek gegaan het, en hier het Saggéüs bo in ’n boom gestaan, heeltemal gekamoefleer, miskien ’n blaar, dit net opgelig, uitgekyk het, “O, ek sou Hom graag wou sien,” het hy gesê: “wanneer Hy verbygaan. Ek het my vrou hoor sê dat Hy die gedagtes van die hart kon uitspreek, en Hy kon *hierdie* dinge doen. Hulle sê vir my Hy’s ’n Profeet, maar ek sê jou Hy sou sekerlik een of ander Profeet moes wees om te weet waar ek is. Maar ek sal Hom nou mislei, ek het agter hierdie bosse hier ingegaan, en sit in ’n mik.”

152 Dis waar ’n klomp mense sit, waar jou pad en God se pad ontmoet, jy moet een van hulle volg.

153 O, sien hom daarbo sit, wat bo-oor hierdie blaar kyk, ondertoe kyk. Jesus, wat reguit en stil loop, reg onder die boom kom, en opkyk, sê: “Saggéüs, kom af, gaan vandag saam met jou huis toe.” O, goeiste! Dit was Jesus gister. Hy’s dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, dit sou Jesus vandag wees.

154 Onthou toe Hy gegaan het na. . .Hy het dit nie self gedoen nie. Johannes :19, ons kan daarheen gaan vir. . .Wel, ons sal net na Johannes 5:19 toe gaan. Jesus het gesê, soos Hy deur die Skone poort gegaan het, en of die—die baddens, liewer, van Betésda. Ek sal by daardie een kom binne ’n paar minute, die Skone poort. Maar Hy—Hy het deur Betésda se poorte gegaan, waar die bad was. En daar het groot skares verlamdes, blindes, kreupeles, verdordes daar gelê, waarskynlik allerhande soorte siek mense, het die Bybel gesê, groot menigtes. En Hy het by hulle verbygegaan, nooit een van hulle aangeraak nie, tog vol medelye, vol liefde, rondgeloop totdat Hy ’n man gevind het wat op ’n draagbaar lê.

155 Hoeveel van julle weet wat ’n palet is? Wel, van watter deel van Kentucky is julle? Ek is grootgemaak op een, geslaap by die deur in warm weer.

156 En hierdie man het op ’n palet gelê, miskien, hy—hy mag dalk prostaatprobleme gehad het, of hy mag tuberkulose gehad het, dit was vertraag, hy het dit agt-en-dertig jaar gehad. Maar

onthou, Jesus het alles daarvan geweet, geweet waar hy lê, en Hy het na hom toe gekom, en gesê: "Wil jy gesond gemaak word?" By die res van hulle verbygegaan: "Wil jy gesond gemaak word?"

Hy het gesê: "Ek het niemand om my in die water te sit nie." Hy kon loop, het gesê: "Terwyl ek kom," loop iemand anders by hom verby, kom eerste in die bad.

En Hy het gesê: "Neem jou bed op, en gaan na jou huis toe."

En toe is Jesus daaroor ondervra. As Hy na hierdie stad toe kom en dieselfde ding gedoen het vanaand, sou Hy nog steeds ondervra word.

157 Maar wat het hy gesê? Luister, Johannes 5:19: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen nie, maar wat Hy die Vader sien doen, dit doen die Seun ook net so." Jesus het nooit een wonderwerk gedoen sonder dat die Vader Hom eers gewys het nie, of Hy het iets verkeerds daar gesê. "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen nie."

158 Sonder twyfel het hulle gesê: "Hoekom het jy nie Mnr. Jones daar oorkant genees nie? Hy verkoop al vir só lank potlode op straat."

159 "Hier's ou Suster Cashorn hier oorkant, wel, sy het al vir jare artritis. Hoekom het jy haar nie genees nie? Sy's 'n goeie vrou, sy's 'n lidmaat van my sinagoge."

160 Hy het gesê: "Ek doen net soos die Vader My wys. Die Vader werk en Ek werk tot nou toe." O, dis Jesus gister, dis Jesus vandag. Dieselfde Jesus werk soos wat die Vader Hom wys; ons let dit op.

161 Ons sien 'n vrou deurkom, en sy het gesê: "As net die soom van Sy kleed kon aanraak," Johannes, "as ek die soom van Sy kleed kon aanraak, sou ek gesond gemaak word," en sy het deurgedruk.

162 Nou, Hy kon nie haar aanraking voel net deur dit eenvoudig fisies te voel nie, want die Palestynse kleed hang los en het 'n onderkleed gehad om stof van hulle bene af te hou. Toe het hulle gehad. . . Dis waarom hulle voete gewas het. En die soom van Sy kleed, ek kon nie voel as jy my jas aanraak nie, en wat van daardie kleed wat los hang? Maar Hy het die gees gevoel. Almal was rondom Hom, maar daardie vroutjie het Hom aangeraak.

En sy het opgestaan, want sy het by haarself gesê: "As ek net die soom van Sy kleed kan aanraak, sal ek gesond gemaak word."

En Jesus het gestop en gesê: "Wie het My aangeraak?"

En Simon Petrus het gesê, Hom bestraf, en gesê: "Waarom sê U so-iets?" Gesê: "Wel, almal van hulle raak aan U."

163 Hy het gesê: "Maar Ek merk dat Ek swak geword het, krag het van My uitgegaan." En Hy het rondgekyk oor die gehoor

totdat Hy die vroutjie gevind het, en Hy het haar vertel van haar bloedvloeïng, en gesê: "Jou geloof het jou gered."

164 Dit was Jesus gister. En vanaand, vra die geestelikes, die Bybel het gesê dat Jesus Christus, vanaand, 'n Hoëpriester is wat in Heerlikheid sit wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. As jy Jesus vanaand aanraak soos daardie vrou het, hoe sou Hy dan optree? Hy sou optree op dieselfde manier wat Hy toe het, as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid is, Hy sou omdraai en sê: "Jy het *so-en-so* gehad, maar nou het jou geloof jou genees," as Hy dieselfde is.

165 Nou, onthou, daar's net, ter afsluiting, daar's net drie klasse mense, of drie nasionaliteite, regtig, in die wêreld, dis Gam, Sem, en Jafet se mense; dis die drie seuns van Noag. Ons glo die Bybel, dat die hele menslike ras ontstaan het uit daardie drie seuns, as ons die Woord gaan glo, dit was Jood, Heiden, en Samaritaan.

166 Nou, onthou, die Samaritane en die Jode, Samaritaan was half Jood en Heiden, so hulle het gesoek na 'n Messias. En die ware opregtes van hart, Hy het Homself aan hulle geopenbaar, en dit was Sy besluit, onthou, Sy besluit om Homself bekend te maak as Messias deur vir hulle daardie teken te wys.

167 Hulle wat Hom geglo het, het Ewige Lewe gehad, hulle wat Hom verwerp het, het gegaan na ewigdurende verderf. Nou, ons vind Hom. . . Dis hoe Hy Homself bekend gemaak het aan die Jode. Ons kon gaan. . . Kyk na blinde Bartimeüs, en hoe. . . O, die—die Skrifte waarna ons kon verwys!

168 Nou onthou, Hy het ook gesê Hy moes deur Samaria gaan, Johannes 4. Hy was op Sy pad na Jérigo, Hy moes opgaan om die heuwel na Samaria. En toe Hy by die, Samaria gekom het, het Hy Sy dissipels in die stad ingestuur om 'n bietjie kos te koop, dit was net omtrent middag.

169 Hy het op die put gesit, 'n panoramatjie soos *hierdie*. En daar was 'n, ek sou sê, 'n pragtige, jong vrou wat uitgekom het. Ons ken haar hier in Amerika as 'n prostituut. Sy het klomp mans gehad saam met wie sy saamgewoon het. En sy het uitgekom om haar water te kry, miskien was dit omdat sy heelnag buite was, en geslaap het tot die middag. Gewoonlik, gaan die maagde vroeg in die oggend na die put toe.

170 Julle moet hulle sien hoe hulle daardie water ophys, en 'n vyf-liter kruik bo-op hulle kop sit, en een op elke heup, en loop en praat soos dames kan, en nooit 'n druppel daarvan mors nie. [Broer Branham hoes—Red.] Maar (Verskoon my.) nou, maar miskien kon sy nie saam met die goeie mense kom nie, sy moes kom wanneer al die res van hulle hulle water klaar gekry het.

171 So ons vind haar wat uitkom na die put toe. En sy het begin om haar—haar klein, die hakies in die handvatsels te sit aan die kant van die—van die kruik, en dit laat sak om 'n bietjie water

op te hys, en sy het 'n Stem hoor sê: "Vrou, bring vir My water om te drink."

172 En sy het oorkant toe gekyk en sy het 'n Jood daar sien sit, 'n jong Man. Hy het gelyk, wel, Hy was net dertig, maar die Bybel het gesê Hy het vyftig gelyk, julle weet dit, ek reken Sy werk het dit aan Hom gedoen. Wel, hulle het gesê in Johannes, 6de hoofstuk: "Jy sê dat jy Abraham gesien het, en jy is 'n man nie ouer as vyftig jaar nie?"

Hy het gesê: "Voor Abraham was IS EK." EK IS was in die brandende bos, julle weet.

So, hulle het gesê: "Jy's nie meer as vyftig jaar oud nie."

173 So, Hy het oorkant teen die muur gesit en vir hierdie vrou water gevra om te drink. Nou, hulle het segregasie daar gehad, soos hulle altyd in die suide gehad het. Sy het gesê: "Dis nie gebruiklik vir julle Jode om 'n Samaritaan te vra, vir my, 'n Samaritaanse vrou, dis nie die gebruik in hierdie dae nie." Luister na die gesprek, moet dit nie mis nie.

174 Sy. . .Hy het gesê: "As jy geweet het met Wie jy praat," ek wonder, vanaand, as die kerk regtig geweet het die Teenwoordigheid van die Here is hier, "as jy net geweet het met Wie jy praat, sou jy vir My water gevra het om te drink, en Ek sou jou Water gee wat jy nie hiernatoe kom om te skep nie."

Sy het gesê: "Die put is diep, U het niks om mee te skep nie."

175 En die gesprek. . .Wat het Hy probeer doen? Kontak maak met haar gees. Die Vader het Hom soontoe gestuur, Hy het nie geweet hoekom nie, maar hierdie vrou het uitgekom, Hy het probeer kontak maak met haar gees. Hy het gesê—Hy het gesê . . .

Sy het gesê: "U sê aanbid in Jerusalem, ons vaders het in hierdie berg aanbid, U sê by Jerusalem."

176 Jesus het gesê: "God is 'n Gees, hulle wat Hom aanbid, moet Hom in Gees en waarheid aanbid." Die gesprek het aangegaan vir 'n paar minute totdat Hy gevind het wat haar probleem was. Luister nou, dit sal julle baat binne 'n paar minute. Sien? Hy het met haar gepraat totdat Hy haar probleem gevind het, en Hy het gesê: "Gaan, kry jou man, en kom hiernatoe."

Sy het gesê: "Ek het nie 'n man nie."

Kyk, Hy maak nou daardie Samaritane, Hy was klaar by die Jood, gesê: "Gaan, kry jou man, en kom hiernatoe."

Sy het gesê: "Ek het nie 'n man nie."

Hy het gesê: "Jy het reg gesê. Jy het vyf gehad, daarom, die een by wie jy nou woon, is nie jou man nie, jy het die waarheid gepraat."

177 Wat het sy gedoen? Sy het meer van God geweet as wat die helfte van die predikers weet, en haar in daardie toestand, meer as wat hulle toe het, in elk geval.

178 Sy het gesê: "Meneer," sy het Hom nie Beëlsebub, 'n fortuinverteller, genoem nie, gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is." Nou luister: "Ons weet dat wanneer Messias kom, wat Christus genoem word, Hy vir ons hierdie dinge sal vertel," teken van die Messias: "ons Samaritane weet dat die Messias hierdie teken sal doen, so U moet Sy profeet wees."

Jesus het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat." O, goeiste!

179 Sien, sy is geleer om te weet wat die Messias sou doen, nie hoe Hy sou aantrek nie, maar wat Hy sou doen, nie watter soort leer Hy sou hê nie, maar . . .

180 Hy het gesê: "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie." Hulle het geweet Hy sou 'n God-Profeet wees.

181 Sy het gesê: "U moet 'n profeet wees. Nou, ons weet wanneer die Messias kom, wat Christus genoem word, sal Hy ons al hierdie dinge vertel," sien, dis die teken wat Hy sou doen: "maar Wie is—Wie is U?

Hy het gesê: "Ek is Hy."

182 Wat het sy gedoen? Sy het die waterpot gelos, sy het in die stad ingehardloop, en gesê: "Kom, sien 'n Man Wie vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is dit nie die einste Messias nie?" En die Bybel het gesê dat die manne van die stad in Hom geglo het as gevolg van die vrou se getuienis wat Hy vir haar gesê het wat haar probleme was. As dit Sy teken was gister, is dit Sy teken vandag.

183 Nou kyk, soek deur die Skrifte en julle sal nooit een keer sien dat Hy daardie teken voor 'n Heiden gedoen het nie. Hoekom? Heidene, ons Anglo-Sakse, het knuppels op ons rug gehad en was grotbewoners, ons het nie gesoek na enige Messias nie, Messias kom net na hulle wat na Hom soek.

184 Nou ter afsluiting, my laaste opmerking, mag ek dit sê. Ek nie . . . Ek kyk na daardie horlosie daaragter en dit maak my senuweeagtig. Let op, daar's soveel om te sê, soveel wat jy kan invoeg.

185 Maar onthou nou Gam, Sem, en Jafet se mense, die Jode, die Samaritane, en die Heidene. Nou, die Jode en Samaritane het gesoek na 'n Messias, en Hy het Homself aan hulle bekend gemaak as die Messias deur in staat te wees om hulle te wys dat Hy die Profeet was waarvan Moses gepraat het wat sou kom. Almal verstaan, sê: "Amen." Goed.

186 Nou, die Heidene het tweeduisend jaar gehad, en nou kom die Heidene by die einde. Nou, wat het ons vanmôre gesê? As God ooit 'n besluit neem en enigiets op een manier doen, moet Hy dit die volgende keer op dieselfde manier doen, of Hy het dit die eerste keer verkeerd gedoen. Verstaan julle dit nou?

187 Nou, net nog een Skriflesing, vergewe my net vir ’n oomblik, ek moet dit net hier kry. Jesus het gesê, in Lukas 16, glo ek was dit: “Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens.” Het julle dit ooit gelees? Nou, kyk wat gebeur het in Sodom. Nou, nou goed, ons gaan die gebedsry begin.

188 Daar’s altyd drie klasse mense: Abraham het die uitgeroepte Kerk verteenwoordig, Hy is uitgeroep, Hy het homself afgesonder van Sodom; en dan was daar die Sodomiete, die goddelose; en daar was ook Lot en die—die nominale Christen daaronder, louwarm gelowige. Maar hy het homself afgesonder van Abraham, omdat Abraham te arm was, buite op die onvrugbare grond, en die ryk plekke gekies.

189 Dis wat die groot, klassieke kerke vandag gedoen het, die rykes, maar die ware groep, die uitgeroepte Kerk . . . Nou, onthou, daar’s drie klasse, twee van hulle is onder in Sodom, die Sodomiete; en ook die—die grenslyngelowige, Lot; en dan was daar Abraham, die uitgeroepte Groep.

190 Eendag terwyl hy onder sy eikeboom gesit het, het daar drie manne aangekom, hulle was geklee soos mans, stof oraloor hulle, en gesê hulle was vreemdelinge, maar hulle was meer as vreemdelinge. Abraham, wat ’n man vol van God was, wat God geglo het, sodra hy hulle gesien het, het hy geweet daar was iets vreemds aan hulle. “My skape ken My Stem.”

191 En so, het hy uitgehardloop en hulle ontmoet, en gesê: “Kom in en gaan sit onder die eikeboom, en ek sal vir julle ’n bietjie water gaan haal, om julle voete te was. En eet ’n stukkie brood, en gaan dan voort met julle besigheid.”

Hy het in die tent ingehardloop, vir Sara gesê, gesê: “Knie ’n bietjie meel, bietjie meel, maak ’n paar broodjies op die vuurherd.”

En hy het uitgehardloop en ’n kalf gekry en dit doodgemaak, dit vir sy dienskneg gegee, en gesê: “Berei dit voor.”

192 En toe hulle dit voorberei het, dit uitgebring, en hulle het daar gesit en eet, mense, geëet soos mense. En Een het bly afkyk na Sodom. Uiteindelik, het twee van hulle afgegaan na Sodom. En hierdie Een wat agtergebly het, het vir Abraham gesê, gesê: “Ek sal dit nie geheim hou vir jou wat Ek gaan doen nie.” Hy het gesê: “Ek—ek het gehoor van die Sodom wat in daardie toestand was, Ek het afgekom om ondersoek in te stel.” Abraham het geweet dit was God.

Nou, ’n prediker het vir my gesê nie lank gelede nie, toe ek daardie opmerking gemaak het, het hy gesê: “Bedoel jy dat daardie man God was?”

Ek het gesê: “Abraham het gesê Hy was, Hy is Elohim genoem.” Kyk of dit nie reg is nie, Elohim.

Hy het gesê: “In ’n liggaam van vlees?”

193 Ek het gesê: “Absoluut. Jy weet nie hoe groot ons God is nie.” Ek het gesê: “Ek kan Hom sien uitstap uit die Hemel, uitstrek, ons is gemaak van sestien elemente: petroleum, kalium, en kosmiese lig, en petroleum, Hy het net ’n handvol daarvan gekry: “*Whew!*” Gesê: “Stap hier in, Gabriël.” Uitgestrek, en nog een gekry, en ingestap, nog ’n Engel, in een Self ingestap, en toe weer reguit daar uitgestap.

194 Ek is so bly ek ken Hom, eendag wanneer ek niks anders as stof is nie, sal Hy my roep, en ek sal Hom antwoord, Hy kan jou roep, jy sal antwoord. Hy’s Elohim, die Selfbestaande Een. Sekerlik.

195 Nou kyk, kyk na die teken wat Hy vir die gelowige gedoen het, die uitgeroepte Kerk. Nou, daar was ’n moderne Billy Graham, en hulle, wat afgegaan en vir hulle gepreek het in Sodom, hulle het geen wonderwerke gedoen nie, hulle net verblind. Wel, die Evangelie verblind die ongelowige in elk geval. So, hulle het nie enige wonderwerke gedoen nie, maar Lot daaruit geroep, vir hom, en sy vrou, en kinders uit Sodom uit.

196 Maar kyk na die Een wat na die Uitverkore Kerk toe gekom het, die een in die minderheid, naby, Hy het Sy rug na die tent toe gehad. Vroue in daardie dae, nie soos hulle nou is nie, moet uithardloop en hulle man se plek inneem, en al die praatwerk doen, hulle het agter in die tent gebly waar hulle moes wees. So toe was Hy . . . Was nie voorbarig soos hulle is nie, o, goeiste. Wel, ek . . . Dis julle almal se besigheid, broers, dit reg te maak.

197 Maar in elk geval, let op, hierdie Man het gesit met Sy rug na die tent, en Hy het gesê: “Abraham, waar is jou vrou, Sara?” Hoe het Hy geweet hy was getroud? Hoe het Hy geweet sy vrou se naam was Sara?

Nou kyk, die Bybel het gesê, Abraham het gesê: “Sy is in die tent agter U.”

198 En Hy het gesê: “Abraham, Ek,” daardie persoonlike voornaamwoord weer: “Ek gaan jou besoek volgens die belofte wat Ek jou gegee het.” Sara was toe negentig jaar oud, “Ek gaan jou besoek volgens die belofte wat Ek jou gegee het dat jy daardie babatjie gaan kry.”

En Sara, in die tent, het by haarself gelag, gesê: “*Hmmph!*”

199 En die Engel met Sy rug gedraai, het gesê: “Waarom het Sara gelag?” Wat was dit? Het geweet haar naam was Sara, het hom die belofte gegee, en geweet sy het daaroor gelag, by haarself, in die tent.

200 Jesus het gesê: “Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens.” Die Heidene het tweeduisend jaar van teologie gehad, soos die Samaritane

en hulle het. Nou, wat was dit? 'n Engel, God, om te werk in menslike vlees. Dis wat dit was, dit was God in 'n menslike vorm.

201 Nou, Christus, toe Hy gesterf het, het Hy 'n Kerk geheilig, dat Hy Self mag terugkom en in hierdie Kerk lewe, en die dinge doen wat Hy gedoen het: "sal julle ook doen." Is dit reg? [Broer Branham maak sy keel skoon—Red.] (Verskoon my.) Nou, as Hy dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid is, sal Hy maak soos Hy gister gemaak het, en sal dit vandag doen, en sal vir ewig wees. Is dit reg?

202 Nou: "Menere, ons wil Jesus graag sien." Waar is Hy vandag? Hy's in Sy Kerk. Wie is Sy Kerk? Die uitgeroeptes. Watter soort teken sal Hy doen? Soos Hy belowe het. Hoe sal Hy dit doen? Dieselfde manier wat Hy het toe Hy na Abraham toe gekom het, dieselfde manier wat Hy het toe Hy na die Jode toe gekom het, dieselfde manier wat Hy het toe Hy na die Samaritane toe gekom het, en het dit belowe aan die einde van die Heidense tydperk.

203 Nou, as ons Hom op die toneel kan sien kom . . . Maak nie saak hoeveel Hy my sal salf nie, Hy moet julle ook salf. Toe Hy na Sy Eie stad gekom het, kon Hy baie magtige werke nie doen nie as gevolg van hulle ongeloof. So Hy moet julle salf, en Hy moet my salf. En dit laat die wêreld sien dat Jesus Christus dieselfde is, want Hy werk in Sy Kerk in menslike vlees wat Hy gereinig het met Sy Eie Bloed, met die doel om Homself te manifesteer, Homself dieselfde te maak gister, vandag, en tot in ewigheid.

204 "'n Klein tydjie en die wêreld sal My nie meer sien nie." Nou, die *wêreld* wat daar gespel is, is 'n Griekse woord *kosmos*, wat "die wêreldorde" beteken, Sien? "Die wêreld sal My nie meer sien nie, tog sal julle My sien," *julle*, dis die gelowige, die Kerk, "want Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die wêreld." Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

205 Glo julle dit? Met hierdie paar beloftes wat ek vir julle gesê het vanaand . . . Nie omdat Hy anders aangetrek het nie, nie omdat Hy aan enige familie behoort het nie, nie omdat Hy aan 'n organisasie behoort het nie, daar was nie so-iets in daardie dae, wat Hom nie Jesus gemaak het nie, wat Hom nie God gemaak het nie, maar die werke wat Hy gedoen het, het bewys dat Sy opdrag waarvoor Hy gesê het Hy gestuur was, die waarheid was. Is dit reg? Wel, as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, en dieselfde werke belowe het wat Hy gedoen het, die Kerk sou doen, glo julle dit nie? As dit dit doen, dan is Sy woorde waar.

206 Dan as Hy dit gedoen het vir die Samaritane, en aan die Jode, en dit belowe het vir die Heidene in die laaste dag voor die Koms van die Seun van die mens . . . O, in watter dag lewe ons, broers? Ons is hier. Ons is aan die eindtyd, broer, suster. Dis omtrent enige tyd wat dit kan gebeur. Onthou, toe hulle dit geweier het, julle weet wat gebeur het, Sodom het verbrand,

die Jode is vernietig, en nou is ons by die Heidense tydperk van tweeduisend jaar.

207 Nou luister, die profeet het gesê: "Daar sal 'n dag wees wat somber sal wees, dit kan nie nag of dag genoem word nie, maar in die aandtyd sal dit Lig word." Dit reg? Nou, dieselfde son wat opkom in die ooste, sak in die weste. Die S-e-u-n Wat in die ooste gekom het na 'n oosterse volk, en die Gees op hulle uitgestort het in die oostelike . . .

208 Ons het tweeduisend jaar van kerkorganisasie gehad, net 'n somber dag, genoeg om te sien hoe om by die kerk aan te sluit en 'n goeie lewe te lei, maar dis sonsondergangtyd, dieselfde Seun, met dieselfde ding wat Hy in die ooste gehad het, dit skyn weer op die aarde in die weste. En ons is aan die Weskus, as ons enigsins verder gaan, beskawing het saam met die son gegaan, sou ons weer terug wees by die ooste. So ons is in die aandtyd met Aandlig, met dieselfde Heilige Gees wat op Hom was, is in die Kerk wat dieselfde dinge doen. Jesus Christus dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid.

Laat ons ons hoofde buig.

209 Genadige God, een Woord van U sal meer wees as wat enige mens in 'n leeftyd kan sê. Ons lees dat dit waar is, O God, maar die mense sê nou: "Laat ons kyk of dit werk." Sekerlik, Here, dit moet werk, dit moet presies gefokus wees op die teiken, dit moet so wees, U het dit belowe. Ek bid dat U Uself sal manifesteer vanaand, Here. Hierdie mense het U lief, en hulle is siek. Hierdie man wat hier sit, wat hierdie klein waterkop babatjie vashou, hierdie arme ou pa wat daar oorkant sit en hoes, hierdie moeder wat in 'n rolstoel sit; een oorkant met 'n kierie, wit, in die hand, O God, hulle roep:

Gaan my nie verby, O liewe Heiland,
Hoor my nederige roep;
Terwyl U andere besoek,
Gaan my nie verby.

Want U die Stroom van al my troos,
Meer as lewe vir my,
Wie het ek op aarde behalwe U?
Of wie in die Hemel as U?

210 Laat dit vanaand bekend wees, Here, ek het van U gepraat. Spreek nou dat ek die waarheid vertel het, Vader, dit sal die woorde bevestig en hierdie mense sal glo, en hulle sal genees word en gelukkig huis toe gaan. En gee dat daar 'n herlewing sal uitbreek hierbuite in hierdie stad, letterlik duisende siele gewen sal word vir Christus, en elke kerk vol, nuwe kerke gebou word. En mag dit 'n voorbeeld wees vir mense om van die ooste en die weste te kom om die heerlikheid van God te sien. Skenk dit, Here.

211 Ons gee dit nou alles in U hande. Ek is klaar, daar's niks meer wat ek kan sê nie, dit hang van U af om nou te spreek, Vader, want

die mense sien dis 'n belofte. Net 'n paar minute hier om 'n bietjie te leer, ek vertrou dat die Heilige Gees die Woord reg tot diep in hulle hart sal neem, dat hulle nie sal nalaat om Dit te begryp nie. Ek bid, in Jesus' Naam. Amen.

212 [Broer Branham hoes—Red.] Verskoon my hoes. Ek preek die heeltyd, en ek het net 'n prediker se keel, en nou die dag het ek baie nat geword, en soort van 'n bietjie hees gewees vandat ek daarbo in—in Beaumont, Texas was.

213 So nou, ek—ek wil hê julle moet onthou. Nou, as ons Hom vanaand kon sien kom en maak net soos Hy toe het, sou ons wees soos hulle wat huis toe gegaan het van Emmaüs af? Hulle het heeldag saam met Hom gewandel en dit nie geweet nie. Daardie aand het Hy gemaak asof Hy sou verbygaan. Hy mag net so maak met julle vanaand, asof Hy by julle gaan verbygaan. Jy mag dalk nie 'n gebedskaartjie hê nie, jy mag nie eens in die ry wees nie, maar Hy sal nie by jou verbygaan nie. Nooi Hom net, sê: "Laat ek U aanraak, Here." Kyk wat Hy doen.

214 O, is dit nie 'n uitdaging nie? Dink daaraan. Dis 'n groter uitdaging as om af te stap na hierdie vrou toe in 'n rolstoel, en te sê: "Staan op en loop." Sekerlik. Sy kon dit eintlik doen deur psigiese krag, reg, verstandelik, sy dit kon doen op Christen Wetenskap grondslag, dit is gedoen. Maar wanneer jy Christus in die mense sien inkom en dieselfde manifestasie doen van die teken van die Hemel, teruggegee in vervulling van die Woord, wat 'n wonderwerk, wat 'n krag!

215 En om te dink, hier is ek in hierdie gebou vanaand, daar's nie 'n siel hier wat ek ken, waarna ek kan kyk en sien nie, nie behalwe my bandopname man wat net *hier* sit nie, Broer Goad; hy's die enigste persoon wat ek ken. God ken elkeen van julle. Nou, ek is nie Hy nie, Hy's egter hier.

216 En nou, ons kan nie al daardie gebedskaartjies op een slag roep nie. En ek wil net hê hulle moet net 'n paar op 'n slag kom, soos hulle roep, of wag 'n bietjie. Ek is seker hy het gesê hy het kaartjies uitgedeel. Waar is Billy? Waar? O, verskoon my. Ja. A's? Een tot 'n honderd? Goed. Kom ons begin by een, nommer een dan. Wie het gebedskaartjie A nommer een? Ek sal hulle roep, sodat ons hulle kan dra wat in die rolstoele is en hulle kan kry. [Leë kol op band—Red.]

217 . . . die Bybel en die ander een, het ek gesê: "Albei van hulle kan nie reg wees nie, Een is reg en die ander een is verkeerd. Laat die God van die Bybel spreek."

218 Suid-Afrika, dieselfde manier, voor omtrent tweehonderd-en-vyftigduisend, o, Hy's steeds God, toe die toordokters, net beskaam is, wat daar gestaan het, die vyand op die vlug geslaan het. Die volgende oggend omtrent sewe of agt groot trokvragte van net krukke, en rolstoele, en planke waarop hulle gedra was, het in die straat afgegaan, toe Sidney Smith, die Burgemeester

van Durban, my gebel, gesê het: "Broer Branham, kyk by jou venster uit, oorkant na die seekus toe."

219 Daar het honderde mense gekom, wat die vorige dag op krukke en rolstoele was met sewe van daardie yslike groot Afrika-trokke so lank soos daardie twee pale saam, net hoog opgestapel, vol daarvan, wat aankom met hulle hande op, wat oorlog gemaak het met mekaar in stamme, wat die volgende dag geloop en gesing het: "Alles is moontlik; glo net."

220 Vyf-en-twintigduisend is op een slag genees. Hoekom? Hulle was nie almal geïndokumeerd met alles nie, hulle was maagdelik, hulle het die Bybel gehoor, hulle het Dit geglo, Dit aanvaar, en dit het plaasgevind.

221 Nou wees baie eerbiedig, bly in julle sitplekke, wees stil. Ek bedoel nie om te sê jy kan God nie prys nie, maar bly net stil en luister. Nou, nou in die Naam van Jesus Christus, die Seun van God, neem ek elke gees hierbinne onder my beheer tot die eer van God. Nou wees versigtig daarna.

222 Nou, ek reken dat in hierdie gebedsry hier, elkeen van julle vreemdelinge vir my is. Is dit reg? Steek julle hand op. As julle vreemdelinge is, steek julle hand op. Ek ken julle nie.

223 Nou, as ek jou kon genees en dit nie sou doen nie, sou ek 'n skynheilige wees. Maar ek kan nie doen wat God alreeds gedoen het nie. Ek kan net . . . Wat as Hy hier gestaan het vanaand, met hierdie pak aan wat Hy vir my gegee het? Jy sê: "Here, sal U my genees?"

Weet julle wat Hy sou sê? "My kind, ek het dit alreeds gedoen, Ek kan dit nie twee keer doen nie, Ek het dit net een keer gedoen. Dis, jy moet dit glo."

224 Maar dan mag Hy vir jou iets wys—wys om te bewys dat Hy die Messias was. Nou, nie deur spykermerke nie, want enigiemand kan spykermerke in hulle hande hê. Maar Hy sou dieselfde teken doen wat Hy die eerste keer gedoen het, soos hy belowe het Hy sou doen. Hy sal nooit oor Sy beloftes gaan, wat Hy belowe het Hy sal doen nie.

225 Nou, hier's 'n vrou, ons is vreemdelinge vir mekaar. Goed. Jy het my boeke gelees. Sy het gesê sy het my boeke gelees, en sy het gedink sy het my amper geken deur my boeke te lees. Goed. Dan, my suster, ek het 'n moeder by die huis, vanaand, sy bid vir my. Ek het nie hiernatoe gekom om 'n bedrieër te wees nie, ek het hiernatoe gekom om 'n broer te wees. Ek het nie gekom om die dokter se plek in te neem nie, ek het gekom om sy pasiënte te help, sien, om gesond te word. Ek het nooit gekom om enige sekere kerk te verteenwoordig nie, net die Here Jesus Christus.

226 Nou, hierdie is die eerste keer, sover ek weet, wat ons ooit ontmoet het. Dan as ek sou kom, sou jy, miskien, as jy in die gebedsry is, jy siek sou wees, en as ek sou sê, hardloop, my hande

op jou sit, sê: "Ontvang jou genesing in die Naam van die Here Jesus. Gaan, glo," sou jy 'n reg hê om dit te doen. Dis waar, dis reg.

227 Maar nou, wat as Hy hiernatoe sou kom en vir jou iets vertel wat jy gedoen het, of soos Hy het met die vrou by die put, met haar gepraat en aan haar geopenbaar het wat—wat haar probleem was? Dan sou jy weet dat dit nie ek was nie, sou jy nie? Want ek ken jou nie. Ek het nog nooit . . . Hier's my hande, ek—ek hou my hande op na God oor Sy Bybel, ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie, ek weet niks van haar af nie. En dis waar, ek ken nie een persoon in daardie gebedsry, of nêrens daarbuite sover ek kan sien, behalwe hulle wie se naam ek genoem het nie.

228 Maar nou, Christus bly dieselfde, nie waar nie? Nou, as Hy sal . . . As hierdie vrou . . . Laat haar die regter wees, as julle almal haar ken hier by die kerk of waarvandaan sy ook al is. As—as sy . . . As Hy vir haar kan sê wat sy was, en iets wat verkeerd is met haar, of waarvoor sy hier is, dit mag huislik wees, finansies, ek—ek weet nie. Maar as Hy dit kan openbaar, sal dit Hom dieselfde maak gister, vandag, en tot in ewigheid? Hoeveel sal dit glo? Nou, steek jou hand op, sê: "Ek het Hom lief, en glo Hom." Dankie, amper 'n honderd persent. Sien?

229 Nou, as julle dit nie glo nie, beter stilbly, want julle weet wat gebeur, baiekeer gaan siektes van een na die ander, dit moet 'n plek kry. Onthou julle in die Bybel? Sien? Dit sal van een na die ander gaan. O, ek het soveel gesien wat so gedoen is. So net as 'n broer, sê ek as jy dit nie glo nie, beter jy net eerbiediglik sit, en jou kop laat sak totdat dit verby is.

230 Nou, die woorde wat ek van Jesus Christus gesê het, moet nou gemanifesteer word, óf ek het 'n leuen vertel, óf Sy Bybel het iets vertel wat verkeerd is. Nou, as enigiemand dit nie glo nie, my plek wil inneem, is julle welkom om hiernatoe te kom en dit in te neem, sien.

231 Maar solank as wat God 'n belofte gemaak het, Hy hou Sy belofte. En toe die Engel van die Here my daarbo ontmoet het veertien jaar gelede, en my hierdie dinge vertel het wat ek gebore is om te doen, en dit my hele lewe lank geweet, en die Baptiste broers het my probeer sê dit was die duiwel en alles, toe uitgevind, dit was die einste God van die Hemel wat by my probeer uitkom het. Ek het dit sedertdien geglo. Dit het die wêreld wakkergemaak. Ek het letterlik miljoene na Christus sien kom om die wêreld.

232 Nou hier is dit in Tucson vir die eerste keer. Hier is dit in die Bybel. Hier's die belofte; maar sal dit werk? Dit sal werk wanneer Hy dit doen, en dis al.

233 Nou, as die Here aan my openbaar wat verkeerd is met die vrou, hoeveel gaan Hom aanvaar as julle Geneser? En hier met albei van ons met ons hande op, ons het nog nooit tevore in die

lewe ontmoet nie. Sy het gesê sy het my boeke gelees, so sy het ’n idee van wat sou gebeur as Hy dit sou doen. Nou, of Hy sal of nie, onthou, ek weet nie. As Hy dit nie doen nie, dan sal ek net eenvoudig in die gebedsry afgaan, vir die siekes bid, en daarby volstaan, dis al wat ek kon doen. Maar Hy het my nog nooit gefaal nie, ek glo nie Hy sal vanaand nie.

234 Ek wil net ’n oomblik met jou praat, omdat jy die eerste persoon is, soos ons Here het met die vrou by die put, Hy het haar gees probeer kontak. Baie mooi, dit sou ’n vrou wees, die eerste een in die gebedsry, ek het pas daardeur gekom by Johannes 4. Nou, ek kan Hom net daar sien sit, en daardie vrou sien uitkom om water te kry, en Hy het haar begin ondervra.

235 Ek glo, nou, julle sal—julle sal net amper my woord daarvoor moet neem, ek glo Hy het probeer om met haar gees kontak te maak. Die Vader het Hom soontoe gestuur, Hy moes verbygaan, en Hy het gesê Hy het niks gedoen totdat die Vader Hom gewys het nie, so die Vader moes Hom eers wys. Naderhand het Hy uitgevind waar haar probleem was, en Hy het vir haar gesê wat haar probleem was.

En sy het gesê: “Wel, dis die teken van die Messias! Ek weet wanneer Hy kom, sal Hy ons alle dinge vertel, so U moet ’n profeet wees.”

Hy het gesê: “Ek is Hy.” En sy het gegaan en die stad vertel.

236 Sou dit jou houding teenoor dit wees? Omdat jy weet dat ek jou broer is, en jou nie ken nie, jou nog nooit in my lewe gesien het nie, en ons waarskynlik myle uitmekaar gebore is, en jare uitmekaar, en hier is ons eerste ontmoeting, en as Hy aan my sal openbaar wat jou probleem is, sal jy Hom aanvaar as Messias? Jy—jy sal? Jy sal.

237 Die vrou is geskadu tot die dood. Daar’s ’n donker skaduwee wat oor haar hang, en sy ly aan kanker. Dit is reg. As dit reg is, steek jou hand op. Nou, glo jy dit?

238 Nou, ek voel dit weer na my toe kom: “Hy het dit geraai.” Moenie dit dink nie. Jy kan jouself nie nou verberg nie, Hy’s hier. Sien? Dis nou alreeds gesalf. Ek het dit nooit geraai nie. Wel, wag ’n oomblik, kom ons stop dit nou.

239 Jy’s ’n goeie persoon. Ek weet nie wat Hy vir jou gesê het nie, die enigste ding wat Hy vir jou gesê het, moet ek op hierdie bandopname hier vind en sien wat Hy gesê het. Dis net soos om terug te gaan deur die stroom van die lewe iewers en dit te vind. Nou ek sien dit weer kom, ja, dis ’n skaduwee, dis duisternis, dis ’n kanker. Nou, as ek jou sal sê waar daardie kanker is, sal jy glo dat ek Sy profeet is? Dis op albei borste. As dit reg is, steek jou hand op.

240 Nog iets daaroor, jou dokter het vir jou gesê dit gaan ook in die ruggraat in. Maar dis reg, werk in die ruggraat in; dis noodlot.

As die Here Jesus vir my sal sê wie jy is, sal dit Hom dieselfde God maak Wat kon sê . . . ? Is dit reg? Mev. Hall, dis reg. Jy's nie van hier nie. Jy's van 'n koue land, baie koud, en vol berge, dis Colorado. Dis SO SPREEK DIE HERE. Glo jy in Hom met jou hele hart? Keer terug, en word dan genees in die Naam van Jesus Christus. Mag Sy seëninge en genade op jou rus, en om aan jou die . . . ? . . . van die Heilige Gees te gee. Glo jy Hom? God seën jou.

Glo jy? Hê geloof, hê geloof nou. Nou, is julle oortuig dat Hy dieselfde Messias is? Nou, nie ek nie, dis Hy.

241 Nou, moenie—moenie rondbeweeg nie, mense. Sien, elkeen van julle is 'n gees, en elke keer wat julle beweeg, pla dit my net vreeslik. Sien? Sit stil, sit baie stil, wees stil. Kyk hiernatoe. Moet net nie beweeg nie, sien, elkeen van julle is 'n gees en daardie salwing kom, dis net—net soos 'n stroom, sien. En ek is in kontak met julle, en julle is in kontak met God. Soos julle God kontak, praat Hy net op Sy manier . . .

242 Hierdie mikrofoon is—is stom, dit moet iets hê om daarin te praat, ek is ook, net stom oor hierdie dinge, dit moet iets hê om in te praat. So elkeen wanneer jy beweeg, of rondgaan, of iets doen . . . Sien? Jesus het eenkeer 'n man buite die stad geneem om te kry . . . Sien? Wees net baie eerbiedig, kyk. Nou, as jy God wil prys, dis alles reg, maar moenie opstaan en rondloop nie, julle weet, en sulke dinge, dit—dit steur. Dit, die Gees, die Heilige Gees is baie skugter, baie skugter. Natuurlik, julle het dit nie geweet, miskien, tot nou nie, maar wees baie eerbiedig.

243 Nou, waar is die volgende persoon? Aangename kennis? Ek's nie buite myself nie, maar dis salwing. Jy's 'n baie jong persoon. Glo jy dat ek God se dienskneg is? Dis wat die Engel gesê het: "As jy die mense kan kry om jou te glo, en dan opreg te wees wanneer jy bid."

244 Nou, jy's net 'n jong vrou, en ek het jou nog nooit in my—my lewe gesien nie, ek reken ons is vreem- . . . Ek veronderstel jy is Spaans. Jy . . . Maar ek ken jou nie, en jy ken my nie, en ons sit weer vanaand net soos dit weer in Johannes 4 was, 'n vrou. Ek weet niks van jou af nie. Ons is twee nasionaliteite van mense. Jy's net 'n meisie, en ek's 'n—'n middeljarige man, maar ons ontmoet vir die eerste keer. Maar as God van die Hemel, Wat Sy Seun, Christus Jesus, gestuur het, en Hom opgewek het uit die dood, en die Heilige Gees teruggestuur in Sy Naam, en belowe het: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook . . . " Glo jy nou dat jy in Sy Teenwoordigheid staan, nie myne nie?

245 Jy het 'n snaakse gevoel gekry, want daardie Lig daal reguit af op die meisie. Sien? Ek wil hê jy moet dit vir die gehoor sê as dit reg is, 'n baie liefdevolle nederige gevoel is om jou. As dit reg is, steek jou hand op sodat die gehoor kan sien. Ek kyk reguit na daardie Lig om die meisie.

246 Jy's nie hier vir jouself nie, dis nie jou toestand nie, jy's hier vir iemand anders, daardie persoon is sterwend. Daardie persoon het kanker, en die kanker is in die kliere, en ek glo die dokter het pas aangekondig dis 'n leukemie, noem hy dit, in die bloedstroom. Dit is reg. Die man is nie hier nie, van Mexiko, jou swaer. Dit is reg, is dit nie? Glo nou, hê geloof dat hy genees sal word. Volgens jou geloof, so sal dit wees. Gaan, en God se vrede rus op jou, my kind.

Vader God, seën haar versoek, bid ek, in Jesus' Naam. Amen.

Glo nou met jou hele hart, hê net geloof. Betwyfel jy enigiets? Moenie twyfel nie. Glo met jou hele hart.

247 Moenie nou 'n foto neem nie, nou, sien, Dis—Dis 'n Lig, ek moet daardie Lig volg, sien.

248 Goed, hier staan 'n jong dame hier. Ek ken haar nie, ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie. Ons is vreemdelinge vir... Sy praat nie Engels nie. Dis reg. Ek...Kan jy, iemand hier kan tolk, kan jy—jy hiernatoe kom? Dankie, staan net hier. Net... [Leë kol op band—Red.]...wat ek nou sê, want dit moet onder salwing gaan, julle sien. Nou, die dame praat nie Engels nie, so hierdie jong vrou gaan vir my tolk.

249 Nou, hier's 'n vrou wat ek nie ken nie, ek praat nie eens haar taal nie. Ek is 'n vreemdeling vir jou. As God aan my sal openbaar waarvoor jy hier is, sal jy Hom glo? Sal jy my glo as Sy dienskneg? Dan is ek Sy dienskneg, en dan sal Hy aan my openbaar waarvoor jy hier is, dan weet jy dit sal Hy moet wees, en nie ek nie. Jy is nie hier vir jouself nie, jy is hier vir jou baba. As dit reg is, steek jou hand op.

250 As God aan my sal openbaar wat verkeerd is met jou baba, sal jy sy genesing aanvaar? Die baba is gepla met 'n allergie, het die dokter gesê, allergie. As dit reg is, wuif jou hand soos *hierdie*, sodat hulle kan...Glo jy? Hy het dit wel gehad, dit het dit nie nou nie, dit het dit verlaat, sien. Sy weet dit nog nie. Laat haar dit uitvind, sien. Sy's 'n goeie persoon. (Moenie dit tolk nie.)

251 Hier kom Dit weer, hier kom sy terug voor my. Praat nou, sien terwyl ek...Jy het iemand anders op jou hart. Jy bid vir iemand. Glo jy dat God steeds die geheim van die hart ken? Die—die Bybel het gesê die Woord van God is skerper as 'n tweesnydende swaard, wat die gedagtes van die hart onderskei. Dit is reg.

252 Jy bid vir jou moeder. As dit reg is, steek jou hand op. Jou moeder, glo jy dat God vir my kan sê wat verkeerd is met jou moeder? Sy het 'n damesprobleem, wat vroueprobleme genoem word. As dit reg is, wuif jou hand. Wil jy hê ek moet vir jou sê waar sy is? Sy's nie hier nie, sy's in Tijuana. Dis alles verby, Hy het genees. Gaan, glo Hom nou in die Naam van die Here Jesus.

Laat ons sê: "Prys die Here," almal. Hê geloof, moenie twyfel nie. "Menere, ons wil Jesus graag sien."

253 Net ’n oomblik. Waar is daardie dogtertjie? Kom hier. Daardie man met sy hand op, wat hieragter sit, net hier op die punt van hierdie bank, net hier op die punt, hy praat nie Engels nie, maar hy bid, hy bid vir ’n geliefde, ’n suster. (Bly daar. Laat hom kom. Nou sê vir hom om net daar te staan.)

254 Glo jy dat ek Sy dienskneg is? As ek aan jou sal openbaar waaroor jy bid, sal jy in die Here Jesus glo? Het jy ’n gebedskaartjie? Het jy nie ’n gebedskaartjie nie? Jy het nie een nodig nie. (Sê vir hom hy het dit nie nodig nie, nee, nie nodig nie.) Kyk na my, kyk hier. Jy het ’n goeie geloof. Jy het nie ’n gebedskaartjie nodig nie. Jy het Sy kleed aangeraak.

255 Jy het gebid vir iemand wat baie siek was, jou suster. Dis reg. Glo jy God kan vir my sê wat haar probleem is? Sy het TB. Dis reg. As dit reg is, wuif jou hand. Onder in Nogales. Wuif jou hand, dat . . . Laat haar weet dat Jesus Christus haar gesond maak, as sy haar genesing sal aanvaar. Amen.

Glo jy nou met jou hele hart? God seën jou. Ek daag enige . . . Wat het hy aangeraak? Wat het hy aangeraak?

256 Daardie man wat daardie ander man daar probeer help het, meneer, jy het God ’n guns gedoen, jy het gehelp. Jy het probeer . . . Ja, probeer sê jou . . . Jy hoef nie te kom nie, staan net daar, jy praat Engels. Het jy ’n gebedskaartjie? Jy het dit nie. Goed, as jy met jou hele hart sal glo, sal daardie breuk jou verlaat, jy kan huis toe gaan, gesond wees.

257 “Menere, ons wil Jesus graag sien.” Wel, weet julle nie Hy’s hier nie? Weet julle nie dis Hy nie? Hê geloof in God. “As jy kan glo, is alles moontlik.”

258 Ons is vreemdelinge vir mekaar. Ek ken jou nie, en jy ken my nie, maar God ken ons albei. Nou hê geloof, moenie twyfel nie, glo. As julle sal glo, alles is moontlik. Ek het jou nog nooit in my lewe gesien nie, maar God ken jou, en as Hy iets aan my kan openbaar wat jy gedoen het, of iets wat jy wil hê, of iets wat jy begeer, of sovoorts, glo jy ek is Sy profeet, of, ek bedoel Sy dienskneg? Die woord *profee*t laat baiekeer die mense struikel, julle sien, so ek sê niks.

259 Het die Bybel . . . ? Lees julle die Bybel baie? Die Bybel sê, dat die Woord van God skerper is as enige tweesnydende swaard, en dring deur, selfs tot die murg van die been, en ’n Onderskeier van die gedagtes van die hart. Dit reg? Wel, wat is die Woord? “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword, en onder ons gewoon.” So daarom is dit Jesus Christus in ons, wat die gedagtes van die hart onderskei, die Woord wat vlees geword het onder ons vanaand. ’n Sondaar gered uit genade, en die God van die Hemel wat die einste gedagtes van jou hart interpreteer, en die siekes genees.

260 Jy’s ernstig siek. Jy het ’n maagseer. Dit is reg. Steek jou hand op. Dit is waar. Daar’s soveel van hulle daarbuite in die gehoor,

Dit versprei net oral. Dis veroorsaak deur 'n senuweetoestand. Hier, laat ek julle iets wys. Laat ons sien hoe julle . . .

261 Almal daarbuite wat ly aan 'n senuweetoestand, steek julle hande op, wees eerlik. Hoe gaan ek hulle roep, sien? Daar het julle dit. Sien, dit kom net soos 'n groot golf nou, oral. O, ons Here Jesus!

262 Jy het 'n maagseer, en jy het ook 'n hartprobleem. Die dokter het vir jou 'n bietjie medisyne gegee om te drink, maar jy kan dit nie drink nie. Dit maak 'n vloeistof in jou, en jy kan nie jou medisyne drink nie. Jy's nie van hier nie, jy kom van 'n ander koue streek af, jy's van die staat Ohio, 'n stad met die naam van Youngstown. Jou naam is Mev. Mink. Jy het 'n man wat diabetes het. Gaan glo, en die Here Jesus sal jou gesond maak.

263 Glo julle, julle hele hart? Dit behoort oortuigend te wees. As julle nie nou glo nie, sal julle nooit. Sien? As julle nou met julle hele hart glo, kan julle aanvaar . . .

264 Nou, moenie—moet dit nie. Sien? Julle beweeg rond. Daardie versteur net . . . Ek sal net moet stop. Sien? Dis . . . Wel, eerste ding wat jy weet sal my seun my teen die sy slaan, en dit beteken gaan. Sien? Wees eerbiedig. Wees net stil net vir nog een, sal julle? Dan sal ons hulle net vra om hulle hande op mekaar te lê. Wanneer julle so opstaan, sien, dit bedroef die Heilige Gees, en ek kry . . . gaan weg van my af, en ek—ek kan Dit nie beheer nie. Sien? Want Hy word bedroef, en Hy verlaat my. Sien?

265 Julle moet, as julle my glo, sal julle doen wat ek vir julle sê om te doen. Nie my gehoorsaam nie, julle gehoorsaam Hom deur my stem, wanneer ek met julle praat. Wanneer julle opstaan en rondbeweeg soos daardie, onderbreek julle net, vreeslik. Sien? Dis moeilik om die Teenwoordigheid van die Heilige Gees te behou. Julle nie glo nie, julle dan net opstaan en rondloop en beweeg, maak dit—dit seer. Sien?

266 Die dame daar, gepla met jou arms en skouers, ek het jou nog nooit in my lewe gesien nie, dame, wat net hier sit met 'n sakdoek teen haar gesig. Sien? Hê net geloof in God. Jy het 'n—'n familielid, of 'n geliefde wat gepla is in hulle bene, dis jou swaer. Hê geloof en moenie twyfel nie.

267 Ek's 'n vreemdeling vir jou, meneer. Hierdie . . . God ken ons albei. Nou, toe die . . . Sover ek kan onthou, is jy die eerste man wat hier op die platvorm was vanaand, sover ek weet, ek dink daar is nog 'n paar buite deur die gehoor, maar die eerste een waarvan ek weet. Nou, as die Here Jesus dieselfde dinge sal doen soos Hy gedoen het toe Simon na Hom toe gekom het, en my jou probleem vertel, of waarvoor jy hier is, glo jy my as Sy dienskneg?

268 Sal dit die, al die mans oortuig, net soos dit die vroue het? Nou, sien, daardie mense daarbuite het nie gebedskaartjies nie. Sien, dit maak nie saak nie, raak Hom net aan, sê net: "Here, laat dit ek wees."

269 Huh! Daardie dame wat net daar gesit het, dieselfde ding net toe gesê het, gepla met lewerprobleme, dit het jou verlaat. Daardie soort van gestreepte rok, gesette vrou, jy word gepla met lewerprobleme, word jy nie? Jy het gesê: "Here, laat dit ek wees." Steek nou jou hand op as dit so is. Goed, dis verby.

270 Wat het sy aangeraak? Sien hoe ver sy van my af is? Dertig of veertig voet, maar sy het geglo. Ek het daardie siek lewer net sien afgaan soos *daardie*, dis alles reg. Glo, jy gaan nou gesond word.

271 Jammer, meneer, ek moet net die weg volg wat die Gees lei, jy sien, en ek . . . Jy ly aan maagprobleme, dis reg, aambeie. Het 'n paar dinge wat jy probeer neerlê en mee ophou, 'n gewoonte, dis wat jou maagprobleme veroorsaak. Jy is al vantevore genees, van 'n kanker. Hou op sigarette rook, wees 'n goeie seun, glo aan die Here Jesus. Sê, ek sien 'n vrou by jou staan, dis jou vrou, sy moet 'n operasie kry, 'n vroue toestand. Jy's nie van hierdie stad nie, jy's van Phoenix. Glo jy God kan vir my sê wie jy is? Sal jy glo met jou hele hart? Mnr. Sparrow, gaan terug na Phoenix, en word gesond gemaak in die Naam van Jesus Christus.

Glo julle met julle hele hart almal? Wel, dis—dis dan goed genoeg, dis al wat julle nodig het.

As jy God sal glo, sal jy nooit weer artritis hê nie. Gaan, glo Hom met jou hele hart, en word gesond gemaak.

As jy God glo, sal die hartprobleem jou verlaat. Gaan, glo met jou hele hart, en glo dit.

Glo julle daarbuite, elkeen van julle? Hê net geloof, dis al wat jy hoef te doen.

272 Nou, dame, toe jy daarbo gekom het 'n rukkie gelede, was heeltemal deurmekaar, daardie rugprobleem gaan jou verlaat, as jy sal glo. Gaan voort, word gesond gemaak, en glo. Hê net geloof, en sê: "God, ek glo met my hele hart."

273 Jy sal sterf as daardie kanker nie genees word nie, maar as God kanker op een kon genees, sal Hy dit op 'n ander genees. Glo jy dit? Goed, gaan dan, en glo met jou hele hart, en God sal dit beslis doen. Amen.

274 Aangename kennis, skat? Glo jy? Kom hier. Ek dink jy's een van die mooiste dogtertjies wat ek nog ooit gesien het, omtrent soos my, ek het 'n dogtertjie by die huis, Sarah. Nou, kyk, Jesus het alle klein dogtertjies lief. Glo jy dit? Nou, as Jesus hier was, sou Hy sê . . . Hy het gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom, verhinder hulle nie." En Hy sou Sy hande op jou lê, en jy sou gesond word. Jy glo dit, nie waar nie? Sekerlik, jy sou.

275 Nou, Jesus is aan die regterhand van God in die Hemel, maar Hy stuur Sy diensknegte terug om dit te doen. So nou, die dienskneg, Hy het gesê: "As hierdie dienskneg sê dat Ek hom

gestuur het, en hy doen nie My werke nie, dan is hy verkeerd. Maar as hy die werke doen, beteken dit Ek het hom gestuur."

276 Nou, Jesus het gekom om jou te genees. Nou, as Hy my sal sê wat jou probleem is, sal jy Hom glo, en huis toe gaan, gesond wees? Dan sal jy nie meer hoes nie, en jy hoef nie meer Asthmador te neem nie, die ou asma sal jou verlaat, in die Naam van die Here Jesus. Amen. Hê geloof.

277 Kom, dame. Glo jy met jou hele hart? Glo jy as God vir my sal sê wat verkeerd is met jou, sal jy dit aanvaar vir jou genesing? Dan daardie damesprobleem, vroue probleme, wat jy gehad het, gaan, glo, en dit sal jou verlaat. Amen.

278 Kom, dame. Was 'n lang tyd vandat jy in staat was om te eet, en reg te eet. Jou maag het jou gepla. Gaan eet nou, Jesus Christus maak jou gesond. Hê geloof . . . ? . . . God seën jou.

Jy's hierbuite vir daardie asma, dink dit sal jou verlaat. Maar God is 'n Geneser, Hy's oral, so gaan net, en glo, Eerwaarde.

Glo jy met jou hele hart? Wuif. "As jy kan glo, is alles moontlik." Hê geloof in God.

279 Iets het gebeur, ek kan dit nie—kan dit nie vang nie. Wat daar sit met daardie wit baadjie aan, daar is dit. Ek kon daardie baadjie sien, maar ek kon nie sê waar dit was nie. Goed, daardie galblaasprobleem sal jou nou verlaat. Goed. Jy kan huis toe gaan, gesond gemaak word.

Reg hieronder vir epilepsie. Glo jy God sal epilepsie genees?

280 Daar's nog een wat daaragter sit, daardie jong kêrel met 'n blou pak aan, met sy hand op. Glo jy God sal epilepsie genees, broer? Staan op en aanvaar jou genesing. Glo dat Jesus . . . Ja. Wat het jy aangeraak, dertig treë van my af?

281 Jesus Christus, die Seun van God, is hier. Glo julle dit? Hoe kon ek dit doen? Ek's julle broer. Hoeveel van julle is gelowiges? Steek julle hande op. Goed. Sê Jesus dit, die laaste opdrag aan die kerk: "Gaan in die hele wêreld in, en vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg?" Het Hy dit gesê? Is jy 'n gelowige? Wat het Hy gesê? "Hulle sal hulle hande op die siekes lê, en hulle sal gesond word." Is dit reg?

282 Lê dan julle hande op mekaar net nou, en hulle sal . . . dit sal . . . julle sal net reguit gaan, en elkeen van julle genees word. Sit julle hande oorkant op mekaar, waar julle ook al is, lê julle hande op mekaar. Bo in die balkon, doen dieselfde, sit julle hande op mekaar. Daar het julle dit. Nou, jy moenie vir jouself bid nie, die ander persoon bid vir jou, bid jy—jy vir hom of haar. Nou, die Bybel het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg. As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Nou bid op die manier wat jy dit by jou kerk doen, sê: "God, genees hierdie persoon, maak hulle gesond."

283 Hemelse Vader, ek bring na U toe, in die krag van die opstanding van U Seun Jesus Christus, hierdie gehoor. Ek veroordeel die duiwel, ek veroordeel ongeloof, ek dryf die bose uit.

284 Kom uit, Satan, jy het die stryd verloor. Jy is hier ontbloot, vanaand, voor hierdie mense, om te wys dat jy nie kan staan nie, jou koninkryk is gedaan, dit verkrummel. Jesus Christus kom, en Sy Teenwoordigheid is hier vanaand om Sy krag te manifesteer. Ek beveel jou, in die Naam van Jesus, kom uit hierdie mense uit, en laat hulle gaan.

285 Elke man en vrou in die gebou wat nou kan glo dat julle genees is, staan op julle voete en aanvaar julle genesing, ek verklaar dat julle genees is in die Naam van Jesus Christus. Staan op en loof Hom.

61-0205E Jesus Christus Dieselfde
Gister, Vandag, En Tot In Ewigheid

Sentrale Gemeente Van God

Tucson, Arizona V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org